T|Alg

PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Kerkstraat 92
Tak: Tomstraat 100

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
In u lig sien ons die lig.
JAARGANG XXVIII WOENSDAG, 30 MEI 1973 Nr. 6

CACHET APTEEK
Groot genoeg om u te bedien
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

# PUKKE HOUERS VAN WÊRELDREKORDS

**AS DAAR TERUGGEDINK WORD AAN KARNAVAL '73, KAN DIT MISKIEN BEKEND STAAN AS DIE KARNAVAL VAN WÊRELDREKORDS.**

So drie weke voor Karnaval het dit bekend geword dat 4 Pukke 'n aanslag sou maak op die wêreldrekord vir tennisspeel.

Die viertal, Pikkewyn Malan, Pieter Campher, Johan de Bruin, en Stynman de Bruyn, het afgeslaan om 7 vm. op 3 Mei en die rekord wat op 2 Julie 1972 deur die vier spelers van Giffnoch-Bowling and Tennis Club, opgestel is, gejaag. Hierdie rekord was 40 ure, 6 min., 44 sekondes.

Die S.A. rekord wat op daardie oomblik deur 4 Maties gehou is, is oortref na 494 spelle in 48 stelle. Die wêreldrekord is oortref om 11.07 nm. op Vrydag, 4 Mei na 754 spelle in 78 stelle.

Die spelers is goed ondersteun deur belangstellendes en medestudente. Hulle is ook baie dank verskuldig aan Safari-Sportuitrusters wat hulle van volledige toerusting voorsien het asook die Uitsleepkafee wat die kos voorsien het.

Dat hulle rekord miskien nie lank gaan staan nie, maak vandag nie meer saak nie. Reeds maak 4 Tukkies aanspraak op 'n nuwe wêreldrekord van 50 uur 5 min. en 27,7 sekondes.

Hierdie poging van Pikkewyn, Pieter, Johan en Steynman het die Pukke se gees in hierdie Karnaval laat vlam vat.

### PLUIMBAL.

Oral is daar verder gejaag na wêreldrekords. Nog 4 Pukke het 'n aanslag gemaak op 'n nuwe wêreldrekord vir pluimbal. Die vier was Mike Zondagh, Lappies Labuschagne, Dawid Weyers en Herman Pieters. Op Maandagoggend 7 vm. is afgeslaan in die Totiussaal. Waar die 4 tennisspelers 10 minute rustyd gekry het na 'n uur se spel, het die pluimbalspelers met 2 spelers per keer gespeel vir 2 ure, terwyl die ander gerus het. Na elke uur het die spelers op die baan ook 5 minute gerus.

Ook hier het die wêreldrekord in die slag gebly.

### „PRAM"-STOOT.

Nog 'h wêreldrekord wat voor die aanslag van 'n aantal Pukke moes spat, was die „pram"-stootrekord. Tereg het Fanus Rautenbach opgemerk dat die voertuie taamlik „pram-itiet" was. Heide en Toekoms het bewys dat die Pukke ook hulle plek as goeie vaders en moeders sal kan volstaan toe 'n nuwe wêreldrekord opgestel is.

### HARDLOOP MARATHON.

Andries Krogman en sy span langasems bestaande uit Dirk Schoeman, Danie Gildenhuys, Jorrie van der Walt, Piet van der Walt, Robbie Grey, Sooys Schutte en Ben Verwey het ook gepoog om te kyk hoe ver hulle in 12 ure kan hardloop. Hierdie item het plaasgevind op die atletiekbaan by die Fanie du Toit-sportterrein. Die totale afstand afgelê was 149 myl in 12 ure. Hiermee is die wêreldrekord met 1½ myl geslaan.

● Hierdie pogings om wêreldrekords op te stel het die Pukke se gees tydens Karnaval. '73 die hoogte laat inskiet.

### TAFELTENNIS.

Bleek gesigte, seer rue, en nog maar net 36 uur is verby, die helfte van die tyd omtrent. Dit is darem genoeg om 'n man klaar te maak, maar nee, nie die Puk manne nie. Hulle het aangehou en aangehou soos besetenes of sal ek sê soos begeesterdes, niks het hulle gestuit nie.

Bygesê, as ek so baie "persentjies" op die koop toe gekry het, het ek, wat nie die voorkant van die agterkant van 'n tafeltennisspaan ken nie, dalk ook so roekeloos geraak en probeer om 77 uur aanmekaar te speel. Hierdie 4 manne is deur Safari Sport geborg. Die marathon het in Heide plaasgevind en vir drie dae het die dames van Heide maar bitter min geslaap want daar was soveel belangstellendes dat daar gedurig, dwarsdeur die nag, 'n toeloop van mense was. En ook om toe te sien dat die manne nie vaak raak nie, het daar deurentyd pragtige musiek gespeel, ai, en was dit nie opbeurend as die manne se nooientjies kom moed inpraat het nie. Dis mos genoeg om enige man so "roekeloos" te laat raak.

Die prosedure was dat die manne een uur speel en tien minute rus, 4 sagte beddens was gereed vir hulle om op neer te plons. Hulle het enkels gespeel en Vrydagmiddag het twee van die spelers opgehou weens omstandighede.

Die ander twee mans het egter die wêreldrekord laat spat en dit nog met 'n uur verbeter. Pukke, dit was groot, ons bewonder julle deursettingsvermoë en oor een puntjie is daar seker nie twyfel nie, julle sal sekerlik nie gou weer tafeltennis speel nie . . .

### SKERM.

Ook op die gebied van skerm is 'n wêreldrekord nagejaag toe die skermers daarin geslaag het om vir veertig uur ononderbroke te skerm.



FOTO BO: Huidige pluimbalwereldrekordhouers.

Met tussenposes van tien minute rus tussen elke tien minute skerm het die ses skermers van Woensdagaand agt uur tot Vrydagmiddag twaalf uur die pas volgehou.

Die aanvanklike mikpunt van 48 uur is laat vaar toe drie van die groep tekens van algehele uitputting begin toon het. In 'n onderhoud met die organiseerder van die marathon, mnr. Johan Kruger, skryf hy die verkorting toe aan die feit dat dit die eerste keer is dat 'n marathon van hierdie aard aangebied word, en daar dus geen ruglyn was waarvolgens 'n tydsmikpunt daargestel kon word nie. Die veertig uur wat die manne volgehou het is egter die langste wat daar nog ononderbroke geskerm is. Pogings sal dus aangewend word om dit amptelik erken te kry.

Alles het vlot verloop tot vroeg die Vrydagoggend toe drie van die skermers aanhoudend begin siek word het, en heeltemal belangstelling verloor het.

Sommige van hulle was selfs heeltemal deurmekaar en het aanhoudend probeer om 'n dialoog met homself te voer.

Die oorgeblewene drie, Sarel van der Walt, Ernst Kruger en Charl Erasmus, het toe die beurte van die ander oorgeneem en as agtuur tot twaalfuur die middag met tussensposes van tien minute rus tussen elke dertig minute skerm volgehou.

Mnr. Eric Wilson, die afrigter van die klub, het gesê dat dit 'n baie verdienstelike poging is, aangesien skerm 'n sportsoort is waar aanhoudende beweging van toepassing is. Sodra daar vir een oomblik stilgestaan word, is in daardie oomblik ook nie geskerm nie, het hy bygevoeg.



**FOTO BO: Mnr. Pieter Mulder in gesprek met leiers van die Progressiewe Party.** *(Foto: Fotokuns).*

# Progressiewe spreek P.N.B. toe

"Vier magte is besig om al groter druk uit te oefen op die Suid-Afrikaanse politiek. Die uitwerking word nou reeds gevoel en roep om 'n verandering. Die Progressiewe Party is die enigste party wat so verandering teweeg kan bring."

Dit is die kern van die toespraak wat mnr. Colin Eglin, eertydse Volksraadslid en tans leier van die Progressiewe Party van Suid-Afrika, Woensdagaand die 16de Mei in die Totiussaal gelewer het.

Die vier magte wat mnr. Eglin uitgewys het is:

**Die Ekonomiese Mag** — Suid-Afrika word al hoe meer welvarend, ook die Bantoe word meer welvarend. Namate die Bantoe opkom op ekonomiese gebied sal hy permanente politieke regte in die Blanke gebied begin opeis.

**Die Mag van die Moderne Wereld** — Suid-Afrika is nie geisoleerd nie en die Bantoe neem kennis van die beginsel van menssregte wat onvervreembaar is (o.a. stemreg).

**Die Mag van Geregtigheid** — Swakker geriewe t.o.v. sport, onderwys, ontspanning en kultuuraktiwiteite sal nie veel langer geduld word nie en die blanke sal dit nie langer sonder skuldgevoel kan weerhou nie.

**Die Swart Mag** — Dit is die emosionele dryveer agter die drie magte wat reeds genoem is

Verder het mnr. Eglin groot klem gelê op die bevrugtende werking wat die verskillende kulture op mekaar sal uitoefen.

### MAGSPOLITIEK.

Mnr. het ook gesê dat daar in Suid-Afrika, soos in Europa, al meer beweeg word in'n rigting van die sg. "realpolitik" waar ander magte as die spesifiek partypolitieke beleidsrigtings laat kristaliseer.

### INTERGRASIE.

T.o.v. integrasie is die beleid van die Progressiewe Party om die betaande stremmende maatreëls weg ne teem, maar geen dwangmaatreëls om integrasie te bevorder in te voer nie.

## Voorsitter

Tydens 'n landswye tenniskursus wat van Maandag tot Woensdag in Johannesburg gehou is vir afrigters deur die Republiek, is prof. Wynand Putter, verbonde aan die P.U., gekies as voorsitter van die Suid-Afrikaanse Tennisafrigters-vereniging.

Die Bult Apteek
NOORDBRUG APTEEK (EDMS.) BPK.
★ VIR AL U APTEKERSBENODIGDHEDE . . . . . .
. . . . . ONS KEN U BEHOEFTES
Direkteure: Prof. M. C. B. v. R. v. Oudshoorn (L.A.V.) Voorsitter; Dr. A. P. Goossens (L.A.V.); A. C. Dreyer (B.Sc.-Far) (L.A.V.) en Andries G. Coetsee (B.Sc.-Far) L.A.V. (Besturend).

# ASTER

## KLEREDRAG EN SIELKUNDE

Elke mens is uniek en anders wat sy persoonlike smaak betref. Die klere wat jy dra, weerspeiël en verraai baie meer as wat mens besef.

Jy dra klere wat by jou karakter pas, — 'n vaal, skaam meisietjie sal beslis nie die aandag op haarself wil vestig met eksotiese en boheemse klere nie. Dis veel meer vir die koket en lewenslustige wysneus.

Liggaamsbou speel natuurlik ook 'n belangrike rol in die keuse van ons klere en dis miskien hier waar die meeste van ons fouteer. Roklengtes en langbroeke lok die meeste kritiek uit, miskien omdat almal graag in die mode wil wees.

Kleredrag kan 'n skerm wees waaragter jy skuil. Almal wil graag die indruk skep dat hulle wêreldwys is en nie omgee wat ander dink nie. Daarom dra die prikkelpop ultramoderne klere en stap heupswaaiend rond, maar wie weet wat binne-in haar omgaan?

Die spreekwoord sê: Die vere maak die voël. Dit is egter ook nie heeltemaal waar nie, want wie en wat mens is, kom tog uit jou hart. Kleredrag is wel deel van jou voorkoms en persoonlikheid, maar is tog nie alles nie.!

Klere is ook soms baie opbeurend. As dit op 'n dag voel asof die hele wêreld teen jou is, kan 'n nuwe rok wonders verrig met jou gemoedstoestand.

Die oorspronklike funksie van klere was om die liggaam te beskerm en te bedek — maar die was eeue terug. Vandag oorheers modegiere en versieringsgrille egter as funksies.

Dus: ons takseer tog maar eintlik iemand op sy baadjie!


# HERA


Nou dat die winter nie meer net voor die deur is nie, maar al in die huis, word die lus vir allerlei lekkernye ook al hoe groter. Hier is 'n gereg wat mens darem vir 'n rukkie van die koue sal laat vergeet.

**SPAGHETTI MET SUIKERMIELIES EN KAAS.**

2 koppies gaar spaghetti.
1 eetlepel botter.
1¼ koppie gerasperde kaas.
1 blikkie suikermielies.
1 eier.
3/4 koppie melk.

Voeg botter by spaghetti en meng dan met kaas en suikermielies. Klits eier en melk saam en voeg by. Giet in 'n gesmeerde bakskottel en bak 15 minute in 'n matige oond.




# Langbroekpakke nou op kampus



„Nou sal ek meer klas toe gaan", was die reaksie van menige dame op die vergunning om klasse in langbroekpakke by te woon. Langbroekpakke mag egter slegs vir die tydperk 1 Mei tot 31 Augustus gedra word.

Langbroekpakke hou 'n hele aantal voordele in. Vir die Potchefstroomse winter is dit ideaal. So sal die koue ook seker geen toeskouer voortaan van 'n rugbywedstryd weghou nie. Veral vir aanklasse is langbroekpakke 'n bate.

Die trappe in die duikweg. en in sommige koshuise, het nog altyd verleentheid vir die dame met die mini-rokkie geskep. Hierdie probleem word dus vir die dame sowel as die minihater opgelos.

Volgens die reëls mag slegs volledige langbroekpakke met 'n getailleerde bypassende baadjie of tunic van dieselfde materiaal gedra word. Hieroor voel sommige dames egter ongelukkig. Opmerkings soos die volgende is gemaak: „Ek hou nie van die idee van 'n langbroekpak nie. Ons dra dit net nie meer nie" en „Ongelukkig besit feitlik niemand 'n broekpak nie, want dit is uit die mode".

By bogenoemde reël kan ook gevoeg word dan geen denimbroek gedra mag word nie, tensy dit deel vorm van 'n langbroekpad. Dit is ook nie noodsaaklik dat die bypassende baadjie of tunic dieselfde kleur as die broek moet wees nie. Verder mag 'n jas oor 'n langbroekpak gedra word. Dit gaan egter probleme veroorsaak, want soos 'n sekere dame opgemerk het, „Wie gaan my jas oplig om te kyk of ek 'n volledige broekpak aan het?" 'n Trui of kleurbaadjie by 'n langbroek word verbied.

Die reëls bepaal verder dat geen sport- of slenterskoene by die broekpad gedra mag word nie.

Daar is slegs een nadeel verbonde aan hierdie vergunning, naamlik dat alle dames nie hulle gesonde oordeel kan gebruik nie en dus probleme gaan veroorsaak. Dames, ons doen 'n beroep op u om streng by die reëls te hou as u ALTYD broekpakke wil dra.

# VOETNOTE

„Moet ons nie ons onsierlike lede met oorvloediger sierlikheid beklee nie?"

En skeep ons nie juis ons liewe voete die meeste af nie? Dit word gebruik om mee te loop, om in die nuutste skoenmodes weg te steek en daarna skoon van vergeet.

Mooi, soepel voete 'is vir ons baie kosbaar, en, glo dit as jy wil, die manne sien dit raak!

Hier is 'n paar moets en moenies vir aantrekliker, gesonde voete:

Gee ten minste dieselfde aandag jou voete as hande. Ruim tyd in vir daardie versorging net na 'n warm bad wanneer die toonnasels sag en buigsaam is en al die velletjies teer. Knip toonnaels reguit af en nie te kort nie. Druk velletjies liggies terug met handdoek en droog deeglik af tussen die tone. Troetel die vel bo en onderom en veral die hakskene, met jou geliefkoosde soort handeroom of lanolienmelk. Laastens word die voet gepoeier — wat 'n salige weelde!

Skoene koop is baie belangrik Doen dit deeglik en op jou tyd. Pas altwee skoene aan en loop entjies in die winkel daarmee rond om seker te maak. Moet nooit jou voete in 'n te klein skoen prop nie — arme tone wat so skeef en oormekaar gedruk word! Dis hier waar al die voetprobleme van later, begin.

Ruil skoene elke dag om. Die hak van vandag se skoen moet hoër of laer wees as more s'n.

Moeë seer voete kan afwisselend onder warm en koue water gehou word. Besprinkel daarna met cologne of selfs spiritus en vryf saggies met uitkringende vingerbewegings om bloedsomloop te stimuleer.

Loop kaalvoet, sommer baie.

Met net hierdie klein bietjie ekstra moeite en aandag sal jou voete jou ook beter behandel hierdie winter!



# Kartonblomme vir versiering

**Materiaal:**

Harde karton om die basis te vorm in die vorm van 'n sirkel, gekleurde karton vir die blomvorms en die blare, stokkies vir stele en houtblokkies vir die voetstukke.

**Metode:**

Die stokkies en die blokkies word groen geverf, terwyl die kleur van die blomme na willekeur gekies word. Die stele kan van verskillende lengtes wees sodat die vrystaande blomme in lengte varieer. 'n Gaatjie, net groot genoeg, word in die houtblokkie gemaak en die stokkie word hierin vasgelym.

Die blomme word gevorm deur die sirkel of agtergrond 'n basiese kleur te verf bv. swart en die uitgeknipte papierblomblare dan daarop te plak. Allerhande interessante variasies kan gebruik word om die blomme so interessant moontlik te laat lyk. Elke blom word dan in 'n slootjie, wat bo-in die stokkie gevyl is, ingeskuif. Kartonblare word dan met duimdrukkers aan die agterkant van die steel vasgesit.

"We are the music-makers,
And we are the dreamers of dreams . . ."

— O'Shaughnessy.

# *Beste student in Afr.-Ndl.*

Belia Booyens, 'n derde jaar student in Afrikaans-Nederlands, Duits en Kultuurkunde, het op Donderdag 3 Mei, 'n boekprys ontvang vir die beste Baccalaureus student in die Departement Afrikaans-Nederlands. Hierdie boekprys — Naar wijder horizon, deur dr. P. H. Polt — is beskikbaar gestel deur die Ambassade van die Nederlande in Suid-Afrika.

Die oorhandiging is waargeneem deur prof, Hertzog Venter in afwesigheid van prof. P. D. van der Walt, dekaan van die Afrikaans-Nederlandse Departement. Al die ander Afr. Ned. dosente was teenwoordig. „Ek het op daardie oomblik bewering gevoel, maar baie bly en warm en seker maar 'n klein bietjie trots ook", het Belia gesê.

Afrikaans was van hoërskooldae af, al haar liefling svak en sy vertel dat die liefde klein-klein by haar aangekweek is. As gesin lees hulle graag en bespreek baie maal gedigte onder mekaar. Belia put dan ook die meeste bevrediging uit letterkunde omdat dit haar verryk.

Sy toon groot waardering vir haar Afr. Ned. dosente; elkeen is 'n meester van die vak. Vir haar is die kontak tussen dosent en student spontaan: „Met elke nuwe tema wat aangebied word gaan daar wêrelde vir my oop, daarom voel ek dat soveel verlore sal gaan as ek nie van my kant werk nie." Hiervan getuig haar 9 plus jaarpunt van einde 1972, duidelik.

Belia wil graag Nederland gaan besoek om al die kultuurhistoriese geboue, museums en kunsskatte te besigtig. Sy glo dat die wortels van Afrikaans in Nederland gesoek moet word, omdat 'n waardering van die Nederlandse taal en letterkunde, die van Afrikaans voorafgaan.

Sy beoog om volgende jaar Afr. Ned. Honneurs te studeer.

# Mansstudente en Hare

Hare, hare, hare! 'n Afgesaagde (harige?) onderwerp, sal baie seker sê. So baie is ook al hierdie jaar oor die sakie gesê dat dit seker nie anders kan as om die mening van baie te wees nie. Moet egter nie daarom hier ophou lees nie, daar wag dalk 'n verrassing op jou! As ek dus oor hierdie sakie 'n paar gedagtes wil lug, sal ek noodwendig 'n paar ou koeie uit die sloot moet grawe, maar dit moet my maar verskoon word, want dit gaan oor 'n baie ou kwessie.

Soos almal op die kampus seker weet het ons hier 'n regulasie wat die lengte van die mans se hare betref — dit moet o.a. netjies versorg, asook skoon gesny rondom die ore, wees. Dit is oor hierdie regulasie wat ek 'n paar sakies aan die orde wil bring, en as julle my daaroor wil kruisig, doen dit gerus.

Om mee te begin wil ek 'n baie ou teks uit die Skrif aanhaal, nl. 1 Kor. 11:14 „Of leer die natuur self julle nie dat as 'n man lang hare dra, dit vir hom 'n oneer is nie?" Ek weet daar word gesê dat die teks nie beteken dat 'n man nie lang hare mag dra nie, waarmee ek heelhartig saamstem. Wat dit wel beteken, is dat hier gewaarsku word teen die neiging om die skeiding tussen manlik en vroulik uit te wis. Daar is duidelike verskille tussen manlik en vroulik, sigbare verskille. Dit tref ons nie slegs by mense aan nie, maar ook by die diere en selfs ook by sommige plante, hoewel dit hier nie altyd so duidelik is nie. Hierdie verskynsel van manlik en vroulik is nie sommer toevallig nie, maar is deur God so gewil, Hy het mens en dier so geskape met 'n bepaalde doel. In Gen. 2 lees ons i.v.m. die skepping van die mens die volgende: dat God vir die mens 'n maat gesoek het wat by hom pas, om hom tot hulp te wees, maar dat so 'n hulp nie te vinde was nie, en dat God toe die vrou uit die rib van die man geskape het. Hierin kom die wesensverskil tussen man en vrou al duidelik na vore, 'n duidelike verskil wat niemand kan negeer nie. Ons sien dus dat hierdie skeiding deur God daargestel is, en ons taak as Christene is om te sorg dat dit so gehandhaaf word en om daadwerklik weerstand te bied teen enige neiging om hierdie skeiding ongedaan te maak.

As ons nou na die huidige situasie in die wêreld kyk sien ons 'n algemene neiging om alle skeidslyne af te breek. Alles moet as't ware inmekaar vloei— alles moet opgaan in die massa. Om as indiwidu te bestaan is uit die bose, jy moet geheel en al

## Studentemening



Frans van Dyk, Th.B.I.

saamsmelt met die massa en deel word daarvan. Iets soos indiwidualiteit bestaan byna nie meer nie. Ons sien dit baie duidelik in die pogings om die skeidslyne tussen blank en nieblank af te breek ('n stryd wat ons vandag nog beleef). Maar ook die skeidslyn tussen manlik en vroulik loop deur. Deesdae word daar baie geskryf en gepraat oor die emansipasie van die vrou; sy wil haar plek in die samelewing volstaan; nog altyd was sy onderdruk en oorheers, maar nou wil sy hierdie „juk" van haar losbreek. Hierdie proses gaan gepaard met allerlei vorme van vermanliking. Sy is nie meer 'n maat, 'n hulp vir die man nie, maar sy is nou sy mededinger en mede-broodwinner. Ook haar kleredrag neig na die van man, hoewel dit nog die nodige vroulikheid behou (met enkele uitsonderings). Uit reaksie (?) hierteen, neig die man nou weer oor na die vroulike. Hy voel hom ontuis in die huidige situasie waar die vrou sy mededinger is en sy hom in baie opsigte oor is. Hiervoor probeer hy kompenseer en stel alles in werking om as haar gelyke behandel te word, maar om dit reg te kry moet hy darem soos sy lyk. Die man se hare word dus langer en sy kleredrag toon baie ooreenkomste met die „manlike" drag van die vrou. Ons sien dus dat manlik en vroulik na 'n soort neutrale punt beweeg, nie manlik en nie vroulik nie, maar so 'n iets tussenin. Dit is baie duidelik 'n afbreek van die skeidslyne tussen manlik en vroulik-reelreg teen die Skepping in.

Ek weet al die mans sal ontken dat hulle enigsins vroulik is, of vroulike neigings openbaar, maar dan wil ek hulle slegs daarop wys dat alle dinge op klein skaal begin: so ook die vervrouliking van die man. Dit is 'n stelselmatige proses wat stadig maar seker sy houvas op ons kry, sonder dat ons daarvan bewus is. Die eindpunt van hierdie proses is 'n vroulike „gedrog" soos ons dit vind in die „Scope" van 27 April 1973 (p. 35). Op die oomblik is die meeste mans nog manlik, hulle lang hare ten spyt, maar hulle neig almal na die vroulikehoeveel mans gebruik nie al reukwater nie; moenie verbaas wees nie, hier op die Puk is ook van hulle!

Uit bostaande is dit seker vir almal duidelik dat ek nie so seer teen lang hare gekant is as teen die neiging om die skeidslyne tussen manlik en vroulik uit te wis nie. Teen hierdie agtergrond moet die hele kwessie van die hare gesien word. Elke man en vrou moet dus sorg dra dat hy/sy nie verword tot 'n geslaglose „ding" nie. Hierteen word natuurlik verskeie argumente ingebring, soos bv. dat Jan van Riebeeck lang hare gedra het, om maar een te noem. Hierdie argument gaan egter nie op nie aangesien daar in daardie tyd wel 'n duidelike verskil tussen die kleredrag van man en vrou was. Waak dus te alle tye teen hierdie neiging en bied weerstand teen elke spoor daarvan, as Christen! Hierdie hele neiging is 'n omverwerping van die huidige samelewing, 'n rewolusie (wat geen grond onder hom het nie) teen bestaande gewoontes en gebruike.

Nou dat ons die agtergrond van hierdie situasie bekyk het, wil ek my nou persoonlik rig tot hierdie langhariges onder ons. Die meeste van die persone wat deur hierdie regulasie geraak word, is te papbroekig om langs die regte kanale te werk en hulle saak te stel. Gedurig mor en brom hulle onderlangs, maak die gesagdraers agteraf verdag, stel petisies op en gaan te kere, maar tot iets konstruktiefs kom hulle nooit nie. Hoekom word die sakie nooit op 'n massavergadering geopper nie, sou julle bang wees vir die studentemassa of wat? Dit is ook opmerklik dat baie van die persone ook nooit aan enige studentebedrywighede deelneem nie en dus nooit stemreg verwerf nie. Dit is dus die belangstelling wat hulle openbaar in studente aangeleenthede — niks! Maar intussen wil hulle sake volgens hulle smaak hê. Oor alles en nog wat het hulle altyd 'n hele mondvol te sê. As hulle nog iets opbouend sê sou dit nie so erg wees nie, maar hulle kan net afbreek en swartsmeer!

# OOR DIE ONDERDEUR

Dagsê!

Dis sommer weer warm op die Pukkeplaas. Warm om die asters se bene en warm in die nuwe Karnavalslepe se harte. En warm in die res van ons oor 'n grootse Karnaval '73. Aan Kobus van der Walt en die res van die SKK sê al ons Pukke baie geluk vir julle reuse sukses.

Veral kom dit seker van die nuwe sleepaksies wat sê karnaval was nodig vir groot omwentelinge. Ons gee hulle eers so 'n week of wat voor ons van al die nuutstes bekend maak. Kyk basies moet egskeidings soms eers gefinaliseer word, voordat 'n volgende huwelik volstrek kan word!

Met **Nicoleen Engelbrecht** en **Barney** gaan dit nog uitstekend en so ook met Barney se vriend **Bennie Maritz** en **Joker de Jager.** Lyk my aldag asof mens sulke kerkklokke kan hoor as jy hulle sien.

As mens aan Capie dink, dink jy outomat es aan **Marius Steyn.** Regte Dawid en Jonathan. **Marius** en **Martie** sleep nog lekker en probeer vergeet van volgende jaar se skeiding.

Mens wonder maar of Florna nie as dekmantel dien vir **Braam le Roux** en **Wilhelmien Jerling,** want so baie as wat hulle saam is, is volgens sekere Pukreëls te beskryf met die woordjie „sleep".

Met ons geagte Redakteur, **Japie Robbertse,** self gaan dit ook nog goed en sy skrede wend hy nog steeds na Klawerhof en **Marietjie de Bruyn.**

Lyk my die verbintenisse is nogal sterk tussen Over de Voor en Klawerhof. **Ian Smith** (eerste minister op eie sleepgebied — en wel tweetalig) en **Madeleen Jordaan** kap dit nog goed uit.

Intussen sleep **Johan Ras** en **Annatjie le Grange** nog gereeld saans in die PukPik en so ook **Christo** en **Marietjie Prigge.**

**Piet de Bie** en sy plegie **Markie** van Vereniging was die huweliksdag nie die 5e Mei nie? Baie geluk.

Praat van plegies. Darem oulike goed. **Louis van der Heever** en sy plegie is toe ook in April getroud.

Lyk my hier's meer as wat mens verwag wat noodhulpklasse loop.

Baie groetes Pukke,
Hou die Akademie hoog,

EKKE.

Die Wapad word gedruk deur Carletonville Pers (Edms.) Bpk., Amethyststraat, Carletonville, Tvl. Posbus 406, Tel. 6184.

die WAPAD

# Retrospeksie

Karnaval '73 is verby. Nou moet ons eers weer ons tyd aan Akademie '73 bestee. Maar kom ons knyp net 'n klein rukkie af om lykskouing te hou.

Karnaval '73 was 'n reuse sukses. Die beste in jare. Waaraan is dit te wyte? Ongetwyfeld tot 'n baie groot mate aan die interkoshuismededinging. As daar ooit sprake van owerheidsweë was om Karnaval af te stel soos gerugte dit wil hê, is dit nou die nek ingeslaan. Geluk aan Kobus en sy S.K.K.

Sonder die PUK-massa se samewerking kon Karnaval ook nie so 'n groot sukses gewees het nie. Dit was verblydend om te sien hoe spontaan en aktief die Pukke alle aksies ondersteun het. As daar so voortgegaan word, kan Karnaval nog altyd tot iets groots uitgebou word.

Die beste uit die Karnaval moet beslis behou word vir die toekoms. Die A.O.B. kan gerus daaraan dink om meer trapkarwedrenne te reel. En wat van 'n interkoshuis-toutrekliga. Sulke dinge kan verder meewerk om 'n nypende ontspanningsgebrek op die PUK te bekamp.

Daar is egter ook dinge wat krap. Kyk net na die vieslike bemorsing van mure, vensters en veral die duikweg. Ons dames dra veral die skuld hier. Dit dra geensins by om 'n goeie beeld van ons universiteit na buite uit te dra nie. Wat moet 'n buitestander wat dit sien van ons dink? Dan het die persone ook nie eers die ordentlikheid om dit skoon te maak na die Karnaval nie.

Laastens 'n wenk. Heelparty lede van die publiek het die gevoel uitgespreek dat die breë publiek gerus meer met Karnaval betrek moet word. Daar is, om maar 'n voorbeeld te noem, genoeg oop ruimtes in die dorp waar sommige van die Karnavalkompetisies aangebied kon word.

Akademie '73 is voor die deur. Pukke, kom ons maak net so 'n sukses daarvan as van Karnaval '73.

# Uit die Woord

**Lukas 8:43, 44.**

**„En 'n vrou wat twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het, en wat haar hele vermoë aan geneeshere uitgegee het en deur niemand gesond gemaak kon word nie, het van agter af gekom en die soom van sy kleed aangeraak, en haar bloedvloeiing het onmiddellik opgehou."**

Die vrou se bloedvloeiing hou dadelik op. Dit was 'n skandelike iets. Sy was onrein en desperaat.

Sy het van Jesus gehoor en Hom gesien. Sal Hy haar verlos?

Sal Jesus u verlos? Niemand anders kon die vrou help nie.

Sal Hy u werklik verlos? U dra aan u las. Is daar vir u hoop? Niemand kon u gesond maak nie. Kan Hy miskien?

Die vrou kom van agter af. Sy raak sy kleed aan. Sy is wanhopig.

Sy word dadelik gesond. Sy was by die regte Persoon. Jesus Christus.

Jesus sal u genees. Glo in Hom.

Amen.

As julle enigsins julle sout werd, is, tree dan op die regte wyse op en volg die regte kanale en julle sal altyd deur 'n simpatieke oor aangehoor word. Maar los hierdie agterbaksheid en verdagmakery-op so 'n wyse sal julle niks bereik nie en slegs julle saak versleg. Tree soos 'n man op en julle sal soos 'n man behandel word, al lyk julle nie so baie soos een nie!

Hier wil ek dan weereens my versoek herhaal aan enige persoon wat miskien veronreg voel om openlik daarmee na vore te kom en jou saak te stel, dan rig jy dalk meer uit as nou!

**U het volop keuse in ons grootverskeidenheid**

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG


**PRO REGE-PERS BEPERK**

*„die potchefstroomse boekhandel"*

TOMSTRAAT 86 — TEL. 5236 — POTCHEFSTROOM

# REKENAAR BEPAAL POTCH BEHOEFTES

Om te voorsien aan die aanvraag vir groetekaartjies wat deur die inwoners van Potchefstroom gekoop word, was PRO REGE genoodsaak om die fasiliteite in so 'n mate uit te brei dat daar nou van 'n rekenaar gebruik gemaak moet word. In die twee takke van PRO REGE beslaan die groetekaartjies meer as 400 vierkante voet. As in gedagte gehou word hoeveel kaartjies regop kan staan op 'n vierkante voet, is dit 'n geweldige hoeveelheid kaartjies wat nou aangebied word. Die groot verskeidenheid is so uiteenlopend as wat maar verlang kan word, en kaartjies vir byna elke geleentheid word aangebied.



*Die foto toon 'n klein gedeelte van die groot verskeidenheid kaartjies wat nou aan Potchefstromers aangebied en deur 'n rekenaar beheer word.*

NEW ART Gibson

**DIE REKENAAR VAN NEWMAN ART WORD GEPROGRAMMEER OM DIE VINNIGSTE MOONTLIKE DIENS AAN POTCHEFSTROMERS TE LEWER.**

•

Die rekenaar verseker dat die voorraad minstens een keer per week aangevul word.

*Verkrygbaar by:*

# PRO REGE

**Tomstraat 86 Posbus 343 Telefoon 5236 Santam-deurloop, Kerkstraat**

**POTCHEFSTROOM**

# OP DIE KOSHUISFRONT

## Makouvlei

"Soos 'n kuiken uit 'n eier sal'k dit uitbasuin . . . !" Makouvlei gee weer eens die pas aan. Julle kla julle hoor te min van ons in *Die Wapad*, goeie wyn het mos nie krans nodig nie?

Ag toemaar wat, ons sal vir julle vertel wat gaan aan, duidelik; swart op wit.

Makouvlei is bobaas — rugby, tennis, karnaval, sleep en — ag noem maar op.

Ons deel nog die eerste plek in rugby, maar Dawie du Plessis het nog baie reserwekrag!

Ons loop in elk geval voor in die tennis-liga en wat van Karnaval?

Disa — dankie, dit was lekker, baie lekker om saam met julle vlot te bou. Van Maandagaand af was man en muis elke aand teenwoordig. Ons het hard en lekker gewerk, daai dames van Disa kan saag en timmer en plak! En hulle kan lekker sop maak

Van die Kaap na Rio af het Makouvlei bygebly en later voor gekom en daar gaan ons bly. Ons manne weet hoe om spaghetti en hamburgers en brood te eet, hulle weet hoe om 14 ouens in 'n telefoonhokkie te kry en as daar nog Makouvleiers was — wel daar's altyd plek vir nog.

Haai, en was die S.R. nie bekommerd toe Fanus Rautenbach nie opdaag om die Karnaval te open nie. 'n Paar Makoukuikens het hom voor Oosterhof gaan haal en 'n "gesellige" tydjie op ons balkon deurgebring

En toe? Toe neem ou Boele vir hom 'n Koetjie! Haar naam? Tillatjie! Verder ry ou Rob die blou Cortina op Oosterhof toe — en as dit nie na Oosterhof is nie, is dit na Bombalinie se hof! Arme ou Mafia — dit lyk my die "spies" het toegeslaan en Mafia is „uitgeslaan"... Sorry, Mafia.

En as Stollie nie Welkom se „natuurskoon" vervoer nie, dan speel Runte tennis om te bepaal na watter kerke hulle moet gaan! Verder bars Danna net "tyres" op kritieke oomblikke! Tommy stel die voorbeeld en sleep nog rustig voort!

Nadat ons met Oosterhof uit is (dankie tog!) het ons die Disadames die hof begin maak, en het hulle geval vir ons; kyk maar hoeveel Makouvleiers maak daar 'n draai na ete in die aand.? Wie van julle het al interplaas gehou? Agter op 'n vragmotor (om die regte stemming te kry) plaas toe. Pap, wors en goeie geselskap. En ons sing darem lekker — al die manne van die sêrgroep is toe genooi vir 'n interbola. Hoop ons sien julle gou weer.

Welkom terug aan die nuwelinge in ons geledere, dit lyk my julle het al klaar deel geword van die Vlei, die enigste Vlei — Makouvlei.

IM VINO VERITA!

## Disa

Ons groet julle, Pukke! Met ons nuwe naam neem ons nou ons regmatige plek in die kampuslewe in — trouens, ons doen dit al sedert die begin van die jaar, maar vandat ons woonplek naam gekry het, voeg ons ons ook by die blomgeledere van die Puk en wil ons graag meedeel dat ons bekend staan as DISA. Mooi nê? En ons is nie 'n bietjie trots op ons naam nie! Maar julle het seker al voorheen van ons gehoor, want ons neem deel aan alles, en wat meer is, ons behaal sukses. Ons het met groot entoesiasme deelgeneem aan die sêrkompetisie, ook saam met Makouvlei. Die feit dat ons ook saam met hulle vlotgebou het, het net daartoe bygedra om die vriendskapsbande te versterk. Dankie aan die manne van die Vlei!

Gedurende Karnaval (wat julle hopelik net soveel soos ons geniet het) het eerstejaars sowel as seniors met 'n allergrootste spanpoging vorendag gekom, en aan al wat kompetisie is deelgeneem, ons het onder andere die fluitkompetisie gebuit — as die manne dus 'n wolwefluit hoor wat aangesweef kom, moet hulle net weet . . .

'n Oulike klomp eerstejaars het hul intrek aan die begin van die jaar hier geneem en aan inisiatief ontbreek dit ook nie — hulle het die oudames verras met 'n heerlike middie en die huiskomitee met 'n koue (onontbeerlike)? bad. Gangaksies versterk ook verder die vriendskapsbande tussen ons dames.

Ons Korpssel is baie bedrywig. Drie suksesvolle Korpsaande is alreeds hier aangebied, soveel so, dat ander dames by ons koshuis se sel wil aansluit.

Koshuissport floreer hier — daarvan sal Skuur se manne kan getuig, veral nadat hulle 'n netbalneerlaag van 17-16 teen ons gely het. Die Koshuishokkie is gewild onder die dames en dieKoshuisliga word met groot belangstelling gevolg. Ons het ook 'n Springbok in ons koshuis by name Eliza dos Santos. Jammer Klawerhof: dis julle verlies. Een van ons eerstejaars Santa Lodewyckx, het die Wes-Transvaal landloopspan gehaal — geluk Santa!

'n Laaste (maar nie die minste!) gelukwensing aan ons primaria, wat die Raadsmedalje ontvang het — nog 'n duidelike bewys dat Disa sommer een van die Puk se voorste dameskoshuise is!,

Nouja, julle sal gou weer van ons hoor. Totsiens tot volgende keer, en sterkte met die akademie!

## Klooster

En toe was daar stilte . . . Ja, die spreekwoordelike stilte na die storm het toegesak op die uitgestrekte geboue in Van Riebeeckstraat: Karnaval het gekom en Karnaval het gegaan en nou het 'n nuwe gedaante hom voorgedoen, wat die oorsaak van die stilte is — nee kyk, daardie woord word NIE hier uitgespreek nie.

Ons Kloostermanne kyk terug na 'n week van heerlike jolyt, plesier en karnaval wat ons nie maklik sal vergeet nie. Van die oorname van S.A.U.K. en Fanus Rautenbach het ons ook die heer Rocco Erasmus nadergesleep Klooster toe. Nou saai hy gereeld boodskappies vir ons manne uit na middernag.

Vele pogings tot skakings was aan die orde van die dag tydens Karnaval, en Klooster het vroegvroeg die voortou geneem deur drie primarias — Soetdorings, Oosterhof en Dennepark — op vriendelike wyse na ons sitkamer in die Noordgebou te vervoer (of is dit nou ontvoer?). Oosterhof was wit van skaamte soos blyk uit die kilogramme wit meel wat kort daarna in ons gange verskyn het.

Op marathonvlak het Klooster 'n groot bydrae gelewer — Piet Kampher het in die tennismarathon gespeel, Dick Koekemoer, Francois Viljoen en Apie Ernst in die dubbelspel tafeltennismarathon vir 33 uur 36 min., en dan Gert Brown en Paul du Plessis wat die klein wit balletjie vir 72 uur en 34 minute rondgeslaan het. Geluk kêrels, julle het ons naam hoog gehou!

Saam met Karlien het ons gesorg vir die bakste stalletjie op goggadag, en wat die vlotte betref — volgende jaar probeer ons weer.

'n Wens van sterkte aan almal wat gedruk gaan onder sware akademiese laste — voor in die pad brand 'n lang naweek en 'n lang vakansie!!!

## Klawerhof

Die dames van Klawerhof was effens stil die afgelope ruk, maar dit was maar net omdat ons so besig was met die geesvangery en om die ander dames op die sportvelde te verniel.

Ons het 'n heerlike inter „kaas en coke" met Over-de-Voor se manne gehou. Met die kompetisie wat ons die aand gehou het, het ons weereens ons baasskap bewys. Die episode het egter nie hiermee geëindig nie, want die Voor se Leeu en Braam het tog te lekker hier in Klawerhof gekuier. Braam loop nou nog met sigbare herinneringe aan 'n aangename aand rond.

Ons hokkiemasjien is druk besig om punte in te samel en spog met oorwinnings teen Karlien, Heide en Kulu. Ook die netbalspanne is besig om skoonskip te maak in die liga en wen 25-0 teen Kulu, 13-10 teen Karlien en speel gelykop met 11 elk teen Kasteel-Suid.

Die karnaval is agter die rug en Klawerhof het tweede geeindig in die goggadag-kompetisie vir dames. Die Bola-stalletjie is druk besoek en ook hier het ons ons slag vertoon.

Klawerhof-Suid het saam met Gatland vlotgebou en dit was 'n bobaas kombinasie. Dit het egter nie net by vlotbou gebly nie — daar was sokker teen die manne, fliek saam met hulle, om nie eens van die braaihoender en stokbrood te praat nie. Boonop het hulle ook nog 'n ruiker aan die dames gestuur.

Die Noordekant het saam met Heimat vlotgebou en het 'n derde plek behaal, al het die vlot Saterdagoggend vroeg aan die brand geslaan. Ons het ook sokker en hokkie teen hulle gespeel en hulle twee maal met die kous oor die kop huis toe gestuur. Nou sien ons uit na die groot FEES wat voorlê.

Drama het hier nie ontbreek nie, want vroeg een Sondagoggend moes die brandweer ons besoek om 'n brand in een van die kamers te blus. Saartjie sal die dag nie gou vergeet nie.

Ja-nee, waar Klawerhof is, is daar beslis lewe!!

## Kasteel-Suid

Dagsê, dis eintlik met 'n seer hart en oormoeg brein wat ek hier sit en skryf, maar nou ja, karnaval kan nie die hele jaar lank duur nie — dis nooit die goeie en lekker wat lank aanhou nie. Nuus is daar so hier en daar — behalwë dit was 'n BAK karnaval. Veral vir die Kasteel-Suid dames. Die asters hang toe mos uit en verbaas al wat Puk is met ons vernuf en oorspronklikheid. Ons kon alles doen. EET — of hoe Reca en Estelle? Ja hulle wys toe mos hoe, en Reca lê weg in die spaghetti en kom eerste. Estelle het maar 'n ander kans gegee net om haar sportmanskap te wys, en kom toe tweede met die hamburger-eet. Van eet word 'n mens vet — of hoe sê ek mej. Oorgewig van die Puk? Ja onse Dalena was bo aan die lys (die kieriebeentjies was gelukkig nie raakgesien nie).

Dolly, jy is toe die langste op die Puk — daardeur wys ons net hoe groot ons koshuis is. Die ander asters het nou nie so goed gevaar nie, hulle het tweede gekom. Kasteel-Suid het egter ook die kleinste dames op die Puk, want hulle kom mooi nege op 'n groot fiets, en toe word die een so toegesit dat hulle agt tel en 'n tweede plek gee, maar later is dit gelukkig reggestel. Van fietse gepraat, ons het met die inwyding van die brug toe die vinnigste gery, ja dis met die omvliegslag dat ons voor was. Mooi so julle vier Kastelers, julle kon julself goed balanseer teen die so 'n „hoë" snelheid.

**Geluk aan Platsak en Sommer so met julle goeie samewerkking en organisasie — en sommer geluk aan Skuur 4, 5 en 6, wat gesorg het dat julle vlot eerste gekom het. Wie't nou kon dink die treintjie sou voor in die koor wees (al was die fluitjie maar siekerig). Daar is nog soveel dinge wat 'n mens wil sê, maar die plek is min, en links lê die boeke en akademie en roep. Met die akademie in die weegskaal, was die akademie nou wel te lig bevind, maar nou — menige Puk sien dat, al was dit te lig bevind, laat hy hom nie wegjaag nie. Hy is soos 'n kat — hy kom weer.**

Voor ek groet, BELANGRIKE AANKONDIGING!

Kasteel G se naam. Hier kom dit! „Gee-Kans" — nee, nie vir my nie, dis ons naam. GEE KANS. Ons wapen sien eersdaags die lig (of is dit lug?) — en dan sal julle dit sien, met apologie aan Makouvlei.

Ek groet julle tot later, of te wel WEERSIENS!

## Over de Voor

Die Leeu van Over de Voor het weer hard gebrul. P.G.D. het hul rieme stygfeloop teen die Bloues en is 'n rugbyles soos min geleer. Hulle het te laat agtergekom dat drieë, en nie uitklophoue, op die rugbyveld tel. Hulle sal ook nie sommer gou weer aan Over de Voor se omies knyp nie. Dankie, Sakkie en jou manne, dit was Saterdag weer groot om in die Voor te bly.

Veels geluk aan Kompleks II met die Uitklopbeker.

Die voor se mane het vanjaar groot begaan met Karnaval. Veral die vlotbou saam met die dames van Kasteel was een van die hoogtepunte.

Dan is daar ook verlede Sondagaand met vrug tee gedrink saam met Platsak. Na die heerlike vlotbou kon hulle nie wag om weer saam met Over de Voor te verkeer nie.

**FOTO ONDER: Nee, Over de Voor is nie die wenner van die kompetisie vir die koshuis met die vier lelikste inwoners nie, maar vir die koshuis met die vetste, maerste, korste en langste inwoner.**



## Soetdorings

Soos karnavaltyd elke jaar sy verrassings oplewer, troon een groot verrassing vanjaar bo almal uit — SOETDORINGS!)

Karnaval gaan hierdie jaar bewys dat al die room van die vroulike geslag Pukke, o.l.v. die gaafste primaria, hier saamgetrek is, van die diëeters tot grooteters (Lucia kan darem vinnig eet), musiekkunstenaars, langasemfietsryers en kampioenroeiers: Naomi, Joke, Lucia, Jeanette, Sophia, Alta's en Elmarie, wat gerus maar dopgehou kan word in die "Kaap na Rio" vaart.

Dis egter nie net op water wat Soetdorings haar vaardigheid gaan bewys nie, maar ook per fiets en met die voet. Alta de Vries, Elsabe Odendaal, Jeanette en Lucia gaan 50 km. per fiets na Klerksdorp aflê......

En as 'n mens oordeel aan die ‚akademiese' karnavalatmosfeer wat tot laat in die nag hier heers, sal die 24-uur klavierspeel seker nie die grootste uitdaging wees om Martie se uithouvermoë te toets nie. Elza Pienaar slaap glo elke moontlike tydjie, want sy moet as tydhoudster op tree.

Ons het 'n heerlike Hawaise intertee met Uitspan, wat saam met ons aan die wenvlot bou, gehad, en is so geinspireer dat elke koektyd nou ‚blomvou-tyd' geword het.

Op goggadag kan die mede-Pukke maar ons Ladybird kom ondersteun, want Soetdorings met Uitspan aan haar sy, kan nooit teurstel nie.

(SAPA-a REUTER.)

## Huisvader

Mnr. Anton (A.C.) Dreyer, dosent in Farmakologie, is van volgende jaar aangestel as huisvader by een van die dele van die Kasteel-koshuiskompleks.

**Streng vader (sarkasies): „Ek sê, jongman, dis na middernag. Dink jy dat jy die hele nag by my dogter kan bly?"**

**„Maggies", sê die jongkerel. „Ek sal darem eers vir moeder moet bel".**

# P.N.B. AKTUEEL

Aangesien P.N.B. vanjaar die soeklig op die Verhoudingsbeleide van die onderskeie politieke partye laat val, begin ons deur uittreksels uit die Wantrouevoorstel gedurende die eerste week van die huidige parlementsitting.

Die Federale Beleid van die V.P. word hier deur die Leier van die Opposisie uiteengesit. Terselfdetyd wys Sir De Villiers Graaff op knelpunte in die regering se beleid. In sy antwoord op die wantrouevoorstel stel die Eerste Minister weereens beleid teen beleid.

P.N.B. vertrou dat dit wat hier en in volgende „Wapaaie" volg, u sal prikkel tot helder politieke denke.

## DRIE ALTERNATIEWE – *Sir De Villiers Graaff*

**Sir De Villiers Graaff:** Hy (die Regering) glo daaraan om die afsonderlike identiteite te behou en hulle in afsonderlike state in afsonderlike grondwette uit te druk. Meneer, hulle sien nie in dat daardie beleid nie kan slaag waar daar **geen realistiese beoordeling van die posisie van die Kleurling-, van die Indiër- en van die stedelike Bantoebevoling is nie.** U sien, Meneer, in hul beleid is die teorie belangriker as die werklikheid. In teorie erken hulle net twee alternatiewe — skeiding of algehele integrasie. In werklikheid aanvaar hulle nog skeiding nog integrasie en spartel hulle steeds rond in 'n moeras van onsekerheid wat rassebetrekking laat versleg en die veiligheid van ons land in gevaar stel. Ons, Meneer, het in teenstelling met hulle nog altyd aanvaar dat daar 'n derde alternatief is. Ons het nog altyd aanvaar dat daar 'n alternatief is wat die gevare van volle integrasie en die onmoontlikheid van algehele skeiding vermy, en dit is 'n federale verhouding tussen die volke van Suid-Afrika. Ons glo dat 'n federale regeringsbeleid die Suid-Afrikaanse antwoord op ons unieke politieke situasie is. Dit is die antwoord, Meneer, omdat dit die drie grondbeginsels erken, die drie onontkombare werklikhede van die situasie in Suid-Afrika in die huidige tyd, en daardie driewerklikhede is, ten eerste, die verskillende vlakke van kultuur, erfenis en ontwikkeling van die volke in ons land; ten tweede, die vrese en bekommernisse wat uit daardie verskille onstaan; en, ten derde, die onderlinge afhanklikheid van al die volke van Suid-Afrika. In teenstelling hiermee beklemtoon die Regering ons verskille; hy buit ons vrese en bekommernisse uit en hy ignoreer ons onderlinge afhanklikheid tot nadeel van ons almal. Ek glo dat die planne wat ons vir 'n federale reëling het, 'n metode verskaf om magte so te verdeel dat die sentrale en die plaaslike gemeenskapsbesture regstreeks oor die volk beheer uitoefen, maar dat elkeen dit binne sy eie sfeer doen; en dat elkeen binne daardie sfeer onafhanklik van die ander is, terwyl almal in 'n onderlinge verhouding tot mekaar staan.

### DIE FEDERALE STRUKTUUR.

Ek meen 'n mens kan hierdie onderlinge afhanklikheid die beste laat funksioneer en werk onder 'n beleid waarin daar 'n federale reëling is. Wat moet die samestelling van so 'n federale reëling wees? Ons meen dat dit uit drie Regeringsvlakke saamgestel moet word. Allereers sal daar hierdie Parlement wees, ten tweede sal daar 'n federale vergadering wees en ten derde sal daar wetgewende vergadering vir elke groep wees. Die beginpunt sou wees die Parlement soos dit tans bestaan, wat sy gesag en algemene regulerende beheer sou behou.

**'n AGB. Lid:** Mike, is hy nog sover reg? (Gelag.)

**Sir De Villiers Graaff:** Ek weet nie of die agb. heer meen hy was vir iets humoristies verantwoordelik nie. Hy weet baie goed dat daar in hierdie party volkome eensgesindheid ten opsigte van hierdie beleid is. (Tussenwerpsels.) Voordat hierdie debat oor is, sal selfs die ongelowige Thomasse aan daardie kant glo.

### DIE HUIDIGE PARLEMENT.

Die Parlement, soos hy vandag bestaan, sal die omvang van enige verandering in die bevoegdhede en funksies van die federale vergadering en die wetgewende vergaderings bepaal. Die Parlement sal die oppergesag behou in alle sake wat die buitelandse en binnelandse veiligheid van die Staat sowel as die identiteit van tale en van die verskillende groepe raak. Sy magte sal deur homself bepaal word, want hy sal soewerein wees, en in soverre as wat hulle die sleutels tot die Staat raak, sal hulle net verander word as die Blanke-kieserskorps sulke veranderings in 'n volkstemming goedkeur.

**Die Eerste Minister:** Mnr, die Speaker, mag ek die agb Leier van die Opposisie 'n vraag stel? Sal hierdie Parlement te alle tye vetoreg hê?

**Sir De Villiers Graaff:** As 'n liggaam soewerein is, kan hy te eniger tyd op enige plek tussenbei tree. Hy is die soewereine liggaam in die Grondwet soos sake nou staan. Binne die federale plan sal daar 'n aantal wetgewende vergaderings wees in verband waarmee ek oor 'n paar oomblikke meer sal sê. Elkeen van daardie wetgewende liggame sal 'n basiese aantal verteenwoordigers in 'n federale vergadering aanstel en 'n veel groter aantal verteendigers sal op 'n grondslag van eweredige verteenwoordiging deur die wetgewende vergadering tot daardie federale vergadering verkies. Hoeveel elk sal kies, sal afhang van 'n formule wat in aanmerking sal neem die bydrae wat tot die land oor die algemeen en tot die welsyn van die Staat gelewer word deur die mense wat deur daardie wetgewende vergaderings verteenwoordig word. (Tussenwerpsels.) Daar is vanmiddag groot belangstelling in hierdie plan. Ek kan agb. lede nie sê hoeveel plesier dit my verskaf om dit aan hierdie agb. here te probeer verduidelik nie. Nou sal ek voorts die funksies en bevoegdhede van die federale vergadering behandel. Aanvanklik sal hierdie funksies en bevoegdheid deur die Parlement bepaal word en die parlement sal die fondse vir die uitoefening daarvan toeken. Behalwe om in sy eie regeringsfeer op te tree, sal daardie vergadering ook optree as 'n raadplegende liggaam wat vir alle groepe 'n algemene forum sal uitmaak waarin hulle hulle kan uitdruk en sake van algemene belang vir die hele volk kan bespreek. Met ander woorde, dit wil wese soos die soort ding wat die agb. Eerste Minister vir Suidwes-Afrika beoog. Die enige verskil is dat ons in ons eie denke veel verder gegaan het as hy. Dit is soos die soort plan wat advokaat De Villiers van Nasionale Pers vir Suid-Afrika beoog, net ons het weer een veel verder gegaan in ons denke as wat hy het. Dit dan wat die federale vergadering betref.

### DIE WETGEWENDE VERGADERINGS.

Kom ons kyk na die wetgewende vergaderings, wat 'n uiters belangrike element in ons federale begrip uitmaak. Ek het genoem dat daar 'n aantal vergadering van hierdie aard sal wees. Elkeen sal verkies word deur 'n identifiseerbare groep binne die Suid-Afrikaanse bevolking. Hulle sal die vier bestaande provinsiale rade, die tuislandowerhede, die Verteenwoordigende 'Kleurlingraad en die Suid-Afrikaanse Indiërraad vervang. Hul werk sal wees om daardie sake wat vir die betrokke gemeenskap van besondere en intieme belang is, te bestuur en te beheer. Hulle sal werk op 'n grondslag soortgelyk aan maar meer realisties as die bestaande provinsiale rade. Dit beteken dat hulle groter bevoegdhede sal hê en veel belangriker liggame sal wees.

**Die Eerste Minister:** Groter bevoegdhede? Soos wat?

**Sir De Villiers Graaff:** Soos volkswelsyn, die statusreg wat daardie groep raak, onderwys — hoër en laer . . .

**Mnr. S. F. Kotze:** Wat van belastings?

**Sir De Villiers Graaff:** Hulle sou bevoegdheid hê om belastings te hef. Gaan asseblief voort; is daar nog iets wat u graag wil weet?

**Die Minister van Vervoer:** Sal die lede op 'n eweredige grondslag verkies word?

**Sir De Villiers Graaff:** Hulle sal tot die federale vergadering verkies word op 'n grondslag van eweredige verteenwoordiging. Hulle self sal verkies word op 'n gewone demokratiese grondslag wat hulle self vir hulle eie gemeenskappe sal bepaal.

**Die Minister van Vervoer:** Een man, een stem?

**Sir De Villiers Graaff:** Wel, wat gee julle? Dit is soos wat ons tans in die Transkei het.

**Die Minister van Vervoer:** Ek redeneer nie met u nie. Ek probeer inligting kry.

**Sir De Villiers Graaff:** Ek probeer u dit gee. Daar sal aanvanklik vier wetgewende vergaderings vir die Blankes wees wat die vier bestaande provinsies sal dek. Daar sal die bevoegdheid wees om geografiese redes en vanweë bevolkingskonsentrasies te verander.

**Die Minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling:** Sal die provinsiale rade afgeskaf word? (Tussenwerpsels).

**Sir De Villiers Graaff:** Weet u, Meneer, wanneer 'n mens 'n vraag soos daardie kry, kan jy verstaan waarom die agb. lid moeilikheid ondervind het om die Switserse grondwet te verstaan. Die provinsiale rade sal afgeskaf word. Hulle sal oorgeneem word deur wetgewende vergaderings vir die Blankes in elke provinsie.

### SWART WETGEWENDE VERGADERINGS.

Ons gaan 'n bietjie verder. Daar sal 'n aantal swart wetgewende vergadering wees, **waarskynlik een vir elke tuisland of groep tuislande** en waarskynlik een vir die permanent gevestigde **stedelik Bantoes.** Daar sal meer wetgewende vergaderings vir die **Kleurlinge** wees. Daar sal 'n wetgewende vergadering vir die **Indiërs** wees. Elke wetgewende vergadering sal net funksioneer ten opsigte van die rassegroep waarvoor dit ingestel is. Ons aanvaar dat die uiteindelik samestelling en gesag van die wetgewende vergaderings onderwerp sal wees van langdurige oorlegpleging en onderhandeling tussen hierdie Parlement en die betrokke groep. Ons beplan dat hulle die maksimum magte moet hê wat met goeie regeggering verenigbaar is. Ons wil hê hulle moet betekenisvolle beheer kan uitoefen oor die intieme sake en bestemminge van hul eie mense, hul eie individuele groepe. Hulle sal aan elke gemeenskap sy eie beveiliging en sy eie sekerheid verskaf.

### RAADPLEGENDE KOMITEES.

Ten slotte, om maksimum oortussen die wetgewende vergaderings en die Parlement te verseker en om die kommunikasiekanale wat deur die federale vergadering verskaf word, aan te vul, sal daar 'n aantal gesamentlike vaste komitees wees — noem hulle die raadplegende komitees as u wil — wat uit Parlementslede en uit lede van die besondere wetgewende vergadering sal bestaan. Die agb. Eerste Minister sal die soort ding onthou wat sy Gekose Komitee aanbeveel het as skakel tussen die Parlement en die Verteenwoordigende Kleurlingraad.

Die agb. heer het egter nie kans gesien om daardie baie verstandige aanbeveling te aanvaar nie. Op hierdie wyse sal elke gemeenskap regstreeks in voeling met die Parlement wees, afgesien daarvan dat hy deur die federale vergadering regstreeks in voeling met die ander gemeenskappe sal wees.

Wat voorgestel word, is 'n raamwerk wat grondwetlik glad nie ingewikkeld is nie. Dit het sy eie ingeboude beveiligingsmaatreëls en bied 'n raamwerk waarbinne ons en toekomstige geslagte kan bou met 'n minimum risiko van botsing en wrywing tussen die groepe, maar gee ons algehele vryheid ten opsigte van daardie sake wat op die sentrale vlak behou moet word omdat hulle ondeelbaar is. Ek wil hierdie plan by die volk van Suid-Afrika aanbeveel (Tussenwerpsels.) . . . en ek beveel dit met groot vertroue aan.

Ek doen dit omdat wat so verstommend is, is dat, namate dit stadig tot lede aan die oorkant van die Raad deurdring waaroor dit gaan, party van hulle begin dink en hul kop begin krap. Hulle begin verstaan dat dit nie is wat hulle gedink het dit is nie. Hulle begin verstaan dat dit nie is waarvan hulle op die verhoë gepraat het nie. Allermins is dit waarvan party van hul Ministers en hoofsprekers by tussenverkiesings gepraat het.

**Die Eerste Minister:** Sal u ons iets vertel van die werksaamhede van die federale parlement?

### DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE FEDERALE PARLEMENT.

**Sir De Villiers Graaff:** Die werksaamhede van die federale vergadering is doodeenvoudig. Hy sal allereers daardie magte ten opsigte van oorlegpleging tussen die groepe hê. Hy sal 'n liggaam vir raadplegingdeur die Parlement wees. Hy sal die bevoegdheid hê om die Parlement van raad te dien.

Hy sal beheer oorneem van daardie regeringsgebiede wat van tyd tot tyd deur ons bestaande Parlement aan hom toevertrou word.

**Die Eerste Minister:** Wat voorsien u sal daardie regeringsgebiede wees?

**Sir De Villiers Graaff:** Ek voorsien 'n aantal dinge. Ek meen dat iets soos toerisme aan so 'n liggaam toevertrou sal word. (Tussenwerpsels.) . . . onder 'n nuwe Minister natuurlik. Sake soos besoedeling en watersake sal ook aan so 'n liggaam toevertrou word, Ek meen dat wat aan daardie liggaam toevertrou word, geheel en al afhang van die vertroue wat die bestaande Parlement in daardie liggaam kry. Dit hang af van die vertroue wat die Parlement van tyd tot tyd in **daard**ie federale vergadering ontwikkel.

## VORSTER SE ANTWOORD

### DUBBELSINNIGHEID VAN V.P.-BELEID

En wat skryf hy (Die „Cape Times") nou? In sy inleidingsartikel op 2 Februarie, die dag toe die Parlement open, skryf hy: „Meanwhile, the United Party would do their own cause a favour by eliminating the ambivalence to which the interpretation of their policy is susceptible. Either it is a plan to maintain in a disguised way White supremacy indefinitely or it offers genuine political partnership with the country's Black and Brown population. It cannot do both." Meneer, dit is nie ek wat dit sê nie. Dit is 'n koerant wat Sap is in murg en been. Dit is 'n koerant wat sy vingernaels vir die Verenigde Party met die volgende verkiesing sal afwerk. Daardie koerantredakteur kom en sê in essensie wat ek gister vir my agb. vriend die lid vir Durban-Noord gesê het: Dis boereverneukery. Jy verkul mos of die een of die ander. Jy verkul mos of die Blankes of jy verkul die Nie-Blankes. Daar is mos nie 'n antwoord daarop nie. Hoelank kan 'n politieke party so aangaan? Hoe lank kan 'n politieke party voorgee dat hy die hoogste belange van Suid-Afrika wil dien? Hoe lank kan 'n politieke party voorgee dat hy in hierdie kussings moet sit terwyl dit wat betref 'n elementêre beleidstelling so is dat dit vir een en almal duidelik is dat hy besig is om bedrog te speel teenoor die een of die ander bevolkingsgroep in Suid-Afrika? (Tussenwerpsel.) Laat ons nou kyk wat sê die vader van die beleid. Ek dink eerlik die „Cape Times" was nie vanoggend billik teenoor my vriend nie. Ek dink nie hulle moes so met hom gepraat het soos wat hulle gedoen het nie. Dit is 'n glipsie wat hy gemaak het en ek vergewe hom dit heelhartiglik. Meneer, wat sê my vriend? My vriend, volgens die „Daily News" van 22 September, sê as voorsitter van hierdie komitee:

### DIE HOOGSTE GESAG IN DIE GRONDWET VOLGENS U.P.-BELEID.

Referring to the question of whether the policy would ultimately lead to multi-racial

Vervolg op bladsy 7.

# VORSTER

Vervolg van bladsy 6.

government for South Africa, which the party has officially conceded is possible in terms of its policy, he said: ,That is not a matter for consideration at this time.'

Dan lui die berig verder:

The new policy provides for the establishment of a multi-racial federal assembly under the control of a White Parliament which could, following a referendum among Whites, become the supreme body in the Constitution. Mr. Mitchell maintained that it was not necessary at this stage to consider where it would stand on the question of the federal assembly becoming the supreme body, firstly, because as the official Opposition, the part was not even in the position to implement the first stages of its policy . . .

Dit spreek vanself:

. . . and, secondly, because the decision would be up to the White Parliament at the time.

Maar dan volg hierdie gedeelte . . .

**Sir De Villiers Graaff:** U mag nie uit koerante oor die debat voorlees nie.

**Die Eerste Minister:** My liewe vriend, dit kom uit 'n koerant van Vrydag, 22 September 1972. Maar ek blameer glad nie die agb. lid nie. Die berig lui verder —

However, he pointed out that the Leader of the Party, Sir de Villiers Graaff, had quoted with approval . . .

Dit is wat mnr. Mitchell gesê het —

. . . the constitutional committee's rejection of the concept of White control over all South Africa for all time.

Nou vra ek die agb. lid vir Durban-Noord: Het die agb. Leier van die Opposie dit goedgekeur, soos dit hier gestel word volgens wat die agb. lid aan die „Daily News" gesê het?

**Mnr. M. L. Mitchell:** Hy sal jou antwoord.

**Die Eerste Minister:** Nee, maar die agb. lid is die woordvoerder. Hy het dit of aan die „Daily News" gesê of hy het nie. Het hy of het hy nie?

**Mnr. M. L. Mitchell:** Lei u eie gevolgtrekking af.

**Die Eerste Minister:** Meneer, ons gaan voort.

**Mnr. M. L. Mitchell:** Mag ek die agb. Eerste Minister 'n vraag vra? Is die vraag of my agb. Leier dit gesê het, of is dit of die berig 'n juiste weergawe is van wat ek aan die „Daily News" gesê het?

**Die Eerste Minister:** Dit is, om die waarheid te sê, albei. Sal u nou antwoord?

**Mnr. M. L. Mitchell:** My agb. Leier sal vir u sê of hy dit gesê het. Maar wat betref die feit dat dit in die „Daily News" verskyn het sonder dat ek dit verwerp het, ek aanvaar dat ek dit gesê het.

**Die Eerste Minister:** U sê dat u dit wel gesê het?

**Mnr. M. L. Mitchell:** Ek aanvaar dat ek dit wel gesê het.

**Die Eerste Minister:** Met ander woorde, Meneer, ons verneem nou uit die eerste hand dat hierdie Parlement uiteindelik sal verdwyn. Dit is wat die agb. lid nou erken dat hy gesê het —

However, he pointed out that the Leader of the Party, Sir De Villiers Graaff, had quoted with approval the constitutional committee's recommendation of the concept of White control over all South dfrica for all time.

Ek laat dit net daar, Meneer. Wat kan 'n mens nou van hierdie beleid van agb. lede aan die oorkant sê? Alleen maar dat dit 'n onklare, onbekookte, onverstaanbare beleid is; dis 'n beleid van bedrog. Op hierdie moment dat die agb. Leier van die Opposisie nou die mosie van wantroue in ons kom stel, is daar nog nie eers in sy eie gemoed helderheid gewees oor presies hoe die ding sal wees nie — en dit nadat hy die voordeel gehad het van die komitee. Luister nou hoe verwys die agb. lid volgens sy eie „Hansard" na hierdie beleid:

We go a little further. There will be a number of Black legislative assemblies, probably one for each homeland or a group of homelands, and probably one for the permanently settled urban Bantu.

Waarom „probably"? Het die agb. lid nog nie daaroor besluit nie?

**Sir De Villiers Graaff:** Het u dan nie na Malan se toespraak geluister nie?

**Die Eerste Minister:** Malan is nie die leier nie — u is tog die leier, tot op datum in elk geval.

**Sir De Villiers Graaff:** Hy het dit so duidelik gestel dat selfs 'n kind dit kan verstaan.

**Die Eerste Minister:** Ja, maar ek wil nie na hom luister nie. Ek wil na u luister. Ek wil so graag hê die agb. leier moet sy eie beleid verstaan. U is my eweknie aan die oorkant. Maar laat ons voortgaan. Wat sê die agb. lid aan my? Hy sê aan my dat my beleid totaal gefaal het. Die agb. lid gaan verder en sê dat dit aan skerwe lê rondom my.

## DIE GESKIEDENIS VAN DIE N.P. EN U.P. SE BELEIDSRIGTINGS.

Wat meer is, die agb. lid ontken dat hy my beleid half oorgeneem het. Want, Meneer, waaruit bestaan die beleid van die Verenigde Party soos hy nou daar uitsien? Dit bestaan gedeeltelik uit oornames uit die beleid van die Nasionale Party en gedeeltelik uit oornames uit die beleid van die Verenigde Party.

**Mnr. W. V. Raw:** Wat julle van ons oorgeneem het.

**Die Eerste Minister:** Nee, ons kan dit ontleed. Ek kan met my agb. vriend 'n aangename gesprek oor hierdie saak voer. **Dit was die beleid van die Nasionale Party dat hierdie Parlement net die Parlement van Blankes sal wees.** Onthou agb. lede toe ons die **Indiërs** verwyder het watter beskuldiginge hulle teenoor ons gemaak het? Onthou agb. lede toe ons die **Bantoes** verwyder het dat die agb. lid vir Bezuidenhout nie meer in ons party was nie? Dit was juis daaroor — omdat ons hierdie Parlement verblank het. Onthou agb. lede die verwyte wat hulle my geraak het toe ek die **Kleurlingverteenwoordiging** in hierdie Raad afgeskaf het en ons hierdie Parlement 'n Blanke Parlement gemaak het? Hulle het die Hemele op ons afgeroep. Hulle het nie net die Hemele op ons afgeroep nie maar hulle het kwaad gestook onder die Nieblankes met hulle optrede en die van hulle koerante. Hulle het propaganda teenoor ons gemaak dat die byle gehuil het omdat ons dit gewaag het om hierdie Parlement blank te maak. En na alles wat hulle van ons gesê het en na al die uitskel omdat ons dit gedoen het, gaan hulle ewe gemoedelik heen en sê dat hulle nou ook voorstanders daarvan is dat hierdie Parlement blank moet wees. Waar het jy groter **politieke plagiaat** gehad as juis in die verband deur dit vir hulle toe te eien?

Laat ons met die Bantoes handel. Hoeveel debatte is nie in hierdie Raad gevoer nie en hoe het hulle nie baklei met dr. Verwoerd, mnr. De Wet Nel en later met my kollega en vriend, Minister M. C. Botha oor selfregering vir die tuislande nie? In watter skelle taal het hulle dit nie verdoem en veroordeel as die grootste flater wat 'n Regering ooit kon maak, d.w.s om selfregering aan Bantoetuislande te gee nie! (Tussenwerpsels.) Nee, Meneer, selfregering was vir hulle uit die bose. Ons sal tydens hierdie sessie nog baie daaroor debateer. Nou sê my agb. vriend die agb. lid vir Durban-Punt dat ons beleid — en ek luister so na hom . . .

**Mnr. W. V. Raw:** Wie het die Bunga gehad?

**Die Eerste Minister:** Ons praat nie nou van die Bunga nie. Ons praat van selfregering. Die agb. lid vir Durban-Punt staan ewe maklik op en praat van hulle ou beleid van selfregering. Hy rol eintlik die woord op sy tong soos 'n kenner van goeie wyn dit doen. Hy probeer die indruk skep dat hy vertroud is met die woord „selfregering" omdat dit dan konsuis altyd hulle beleid was.

## DIE VERTEENWOORDIGENDE KLEURLINGRAAD

Onthou agb. lede toe ons in 1965 gekom het met die Verteenwoordigende Kleurlingraad hoedat agb. lede aan die oorkant dit op beginsel beveg het? Onthou agb. lede die amendement van mnr. Connan wat hy en ader agb. lede gesê het tydens bespreking van daardie amendement wat gelui het:

Vandag oor ses maande, om hulle beginselafkeuring te toon daarteen dat ons vir die Kleurlinge 'n eie Parlement gee. En ons het vir die Kleurlinge daardie eie Parlement gegee en waaragtig hier kom hulle nou met hulle nuwe beleid en sê dat hulle vir hulle desnoods twee gaan gee. Wat maak 'n mens met so 'n Opposie? Sien die agb. Leier nou waar hy dit van my oorgeneem het?

## SKAKEL MASJINERIE.

Hy het nie net Kleurlingbeleid van my oorgeneem nie, maar ook Bantoe-beleid. Die agb. Leier het my ook verwyt oor die skakelmasjinerie tussen die Verteenwoordigende Kleurlingraad en hierdie Parlement. Ek het in die loop van die jaar 'n vrugbare samespreking gevoer met Kleurlingleiers. Aanvanklik was dit net mnr. Tom Swartz en sy Uitvoerende Komitee. Gaandeweg het ander bygekom, t.w. mnr. Brown van die ander onafhanklike party, mnr. Rooks van Natal wat goed aan agb. lede oorkant bekend is, asook mnr. Swales. Ons het indringende samesprekings gevoer oor Kleurling-aangeleenthede rondom 'n tafel. Dit is nie gedoen in die gees van een wat onderhorig is aan die ander of bang is vir die ander nie. Ons het man teenoor man die probleme van die Kleurling indringend bespreek. Een van die besprekinge wat ons gevoer het in hierdie jaar asook in verlede jaar, het gegaan oor die kwessie van skakeling. Ek het die saak weer aan hulle oorgelaat. Ek het vir hulle gesê: Julle weet dat die huidige skakelmasjinerie julle suggestie is; julle weet dat ek in die Parlement gesê het dat ek nie glo dat dit vir altyd kan hou nie; as julle wil hê dat dit in hersiening geneem moet word, dan is dit nou julle tyd om dit vir my te sê. Hulle het opsy gegaan en teruggekom en gesê: Ons wil geen ander masjinerie hê nie; ons het alternatiewe bedink, maar hierdie masjinerie is so vrugbaar dat ons dit graag wil behou. En dit is waar dat dit vrugbaar is want dit het gegroei. Met ander woorde, ek was deurlopend besig om met die Kleurlinge en die Bantoes te konsulteer.

Nou wil ek graag 'n vraag aan die agb. Leier van die Opposisie stel. Hy sal miskien nie daarvan weet nie en ek stel my vraag dus aan die agb. lid vir Durban-Noord. Het hy met Kleurlingleiers geraadpleeg in verband met die beleid van die Verenigde Party?

**Mnr. M. L. Mitchell:** Ja.

**Die Eerste Minister:** Die agb. lid sê „ja". Nou wil ek aan daardie agb. lid sê dat mnr. Curry en mnr. Leon van die Arbeidsparty namens die Arbeidersparty sê dat hulle nie geraadpleeg is nie. Mnr. Swartz sê vir my dat hy en sy party nie geraadpleeg is nie. Mnr. Brown sê vir my dat hy en sy party nie geraadpleeg is nie. Mnr. Rooks wat die erkende leier van die Kleurlinge in Natal is, sê dat ook hy nie geraadpleeg is nie. Waarom sê die agb. lede nie met watter Kleurlinge hulle geraadpleeg het nie?

# TOEGESLIKTE KANALE

Liberalia was bevoorreg om op sy afgelope koshuisvergadering van 26 April 1973 ons S.R.-voorsitter, mnr. Fika van Rensburg, as „eregas" te kan hê. Dit feit dat 'n S.R.-voorsitter ons koshuisvergadering bygewoon het, is nie op sigself iets uitsonderliks nie — wat wel vermelding verdien, is wat daar bespreek is!

Snaaks genoeg is daar by hierdie koshuisvergadering oor meer dinge gepraat as die kos in die Sentrale Eetsaal — wat terloops darem ook genoem moes word! Die kerntema van die koshuisvergadering kan ons soos volg formuleer: „Toegeslikte kanale."

Toegeslikte kanale van kommunikasie en dialoog kan in 'n universiteit met 'n snele groeikoers van ongeveer 15% die gevolg wees dat die water 'n ander pad kies. Wie is verantwoordelik waarheen hierdie water gaan vloei? Die STUDENT!

Ons het duidelik onder die besef gekom dat die kanale spoedig oopgemaak moet word — anders voorsien ons probleme in die nabye toekoms. Dit het egter nie by die raaksien van probleme gebly nie, daar is positief besin en oplossings voorgestel. Die wil ons dan graag hier noem.

**1. Die Kanaal: Koshuisstudent-Studenteraad-Owerheid.**

Die was die gevoel van die vergadering dat daar meer 'n direkte band tussen bogenoemde drie komponente moet wees. Daar is bepleit vir 'n beter funksionering van die S.K.B. (Sentrale Koshuisbestuur). Die liggaam bestaan op die oomblik, maar is nie by magte om besluite te neem nie. Daar is gevoel dat die S.K.B. meer gesag moet hê; hoewel as aan 'n liggaam naas die S.R. te veel mag gegee word, dit bedreiging vir die S.R. kan inhou.

Daar is veral gevoel dat die S.K.B. 'n spreekbuis vir die koshuisstudent moet wees — want die koshuisstudente is verreweg die meerderheid studente en het blykbaar ook die meeste probleme!

Hoe moet die nuwe S.K.B. daar uitsien? Op die S.K.B. moet 'n lid van elke koshuis dien — let wel **een** lid van elke koshuis, wat verkieslik die primarius of primaria of 'n huiskomiteelid moet wees. Dit gaan dus nie om 'n pro rate verteenwoordiging van koshuise volgens getalle nie — die rede hiervoor is om koshuischauvinisme by die neem van besluite en die keuse van S.R.-lede uit te skakel.

Die lede van die S.K.B. kies dan uit hulle eie geleedre twee of vier lede vir die S.R. Dit sal onder andere meebring dat die skone gesigte van dames weer gesien en hulle heldere stemme weer gehoor word op die S.R.-vergaderings — wat noodsaaklik blyk te wees.

Met so 'n liggaam sal die koshuise direk skakeling met die S.R. hê via hulle verteenwoordigers op die S.K.B., wat dan ook die koshuis op hoogte hou met die besluite van die S.R.

So 'n liggaam sal in die laaste instansie die kontak tussen koshuisstudent en die owerheid baie vergemaklik.

**2. Die Kanaal met die owerheid van die Universiteit.**

Weliswaar blyk dit soms of daar geen kanaal is nie. Dit is egter nie die geval nie — mnr. Van Rensburg het dit vir ons duidelik gestel dat die Universiteitsowerheid wel 'n oor het vir redelike versoeke van die studente wat via die S.R. na hulle kom.

Die studente wat probleme het moet dit op gemotiveerde wyse by die S.R. gaan indien, wat dan hulle bes sal doen om die saak verder te voer. Die saak het dus 'n duidelik positiewe sy.

MAAR — het die Owerheid van ons Universiteit al gehoor gegee aan die oprigting van 'n studentesentrum? As gevolg van weinig ander ontspanningsgeriewe, bly die dam of die Elgro vir baie die enigste alternatiewe!

Word daar daadwerklik probeer om ons terrein, veral die deel ten weste van die spoor, te verfraai? Ag, hoeveel probleme het ons tog nie om ons rooi, stowwerige terrein teenoor buitestaanders, Pote en Kovsies te verdedig nie!

Dan wonder ons oor sekere bouprojekte soos die biblioteek wat nie klaar kom nie — die studente sien dit raak en begin vraagtekens agter die dinge plaas.

Omdat die Universiteit so snel ontwikkel, blyk dit of die persone wat wel hier is, die lydende party is — is dit geregverdig? Is die kwaliteit wat die Universiteit lewer nie veel beter as die kwantiteit nie?

**3. Die Kanaal van die Verenigslewe.**

Met Nusas in die weer en hulle aktiwiteite op Engelse kampusse, ontstaan die vraag: Wat beteken die A.S.B. vir ons? Is die A.S.B. nie maar net 'n hersenskim waarvan ons bewus is nie?

Dat die S.R. by die A.S.B. geaffilieer is, is ons wel bewus van en dat alle S.R.-aksies dus A.S.B.-aksies genoem kan word, is wel waar.

Die gewone, normale, ordinêre student soek nie 'n A.S.B. wat 'n bladjie uitgee wat in die sitkamer bly lê nie; wat Kuesta's kongresse en toere reël nie — waarvoor ons wel veel waardering het — maar wat baie studente geen erg aan het nie, ten regte of onregte.

Wat die student wil hê is dat die A.S.B. moet afdaal na sy vlak en vir hom leiding moet gee op die gebied van studentwees.

Ons weet dat hier baie verenigings is: die P.N.B., die K.V.V. met al sy vertakkings en die S.A.B. met meer as twintig onderliggame. Die vraag ontstaan of al hierdie verenigings nie onder 'n gemeenskaplike noemer — die A.S.B. — geplaas kan word nie en sodoende nader kom aan die belangstellingsfeer van die student.

Mnr. Van Rensburg het gesê dat die A.S.B. in sy nuwe vorm meer vaartbelyn is, en dat dit heel moontlik nou meer in die behoefte sal voorsien.

Dat die A.S.B. die Afrikaanse student moet bereik, is essensieel. As die student die A.S.B. nie ken nie, en dit geen direkte betekenis vir hom inhou nie, moet die A.S.B. nie verwag dat

Vervolg op bladsy 11.

# KARNAVAL KARNAVAL KARN





FOTO BO: Die wenvlot wat deur Skuur gebou is. (*Foto: Fotokuns*).



FOTO BO: Een van die deelnemers in aksie tydens die seepgly kompetisie. (*Fotokuns*)

## KANAVALTYDREN

**WEEREENS HET DIE JAARLIKSE Karnavaltydren groot belangstelling uitgelok soos duidelik deur die inskrywings weerspieël word. Vooraf is deur die Sentrale Karnaval Komitee besluit om slegs 'n beperkte aantal motors te laat deelneem en dit het groot reaksie uitgelok en heel vinnig was daar 29 deelnemers!**

Die roete het gestrek oor 'n totale afstand van 140.2 km. — in Afrikaans gestel: 87 myl — en het gestrek vanaf die Puk-kampus na Boskop en agterom Potch deur na die dubbelweg na Klerksdorp. Vandaar het die roete na Mooibank gelei om uiteindelik weer by Potch te eindig!

Geen klagtes is oor die roete ontvang nie — net om vir ons te wys dat die roete redelik goed afgegaan het. Baie min tydrenners het verdwaal — en hierby sluit ons Makouvlei-Drinking Team wat deur die Griekse Kafeteria „gesponsor" uit — nog 'n bewys dat die tydren deeglik georganiseer was.

Geen ongelukke het plaasgevind nie, maar tog voel ons dit gepas om met Johan Wepener te simpatiseer oor sy „opgeblaasde" Kewer — hulle doen dit maar!

Boonop verdien F. Leygonie om met die prys weg te stap — hy is met 541 sekondes gepenaliseer en was by een kontrolepunt slegs 1 sekonde uit!

Die volledige uitslag is:

1. F. Leygonie — 4 versoolde bande.
2. A. Potgieter — R20 brandstof en gratis diens.
3. J. P. Nel — R10 brandstof.
4. J. F. L. Botha — R8 kontant.
5. J. A. Erasmus — lugkussing




FOTO BO: 'n Perfekte landing deur een van die valskermspringers. (*Fotokuns*).

A. VORSTER
APTEEK
(Frans Nel, B.Sc. Far.)
★
Oktrongebou - Lombardstraat
★
SKAKEL ONS VIR
VINNIGE
AFLEWERING




FOTO BO: Mnr. Kobus van der Walt en sy gogga tydens die huwelikseremonie. (*Fotokuns*).

## GOGGADAG

Goggadag was GROOT — dit is die een woord waarmee die Pukke hierdie Karnaval-aksie baie raak beskrywe. Die feit dat daar voortdurend iets was om te doen om te verhoed dat die studente verveeld raak, is beslis die rede waarom hierdie dag so geniet is.

Reeds vroeg Vrydagoggend het die pret begin toe Karnavalvoorsitter Kobus van der Walt met die Gogga in die Huwelik verbind is. Nadat die polisiehonde hulle indrukwekkendste vertoning gelewer het, sal baie Pukke meer as twee keer dink voordat hulle die wet wil oortree.

So tussen die groot eet en die baie kompetisies deur, het die oggend verbygesnel en die middag was daar toe 'n konsert waar in Bennie en Lukas opgetree het. En omdat die Totius gepad was, kon die Pukke wat voor 'n vol saal moes omdraai, na die perdegymkhana tussen die Voor en Dawie Dup gaan kyk.

Koos Kaffer met sy byderwetse Puk-klere, het met sy kwinkslae wat keer op keer oor die kampus weergalm het, die Pukke op hoogte van sake gehou.



FOTO BO: Die wenspan van Uitspan afgeneem voor die kompetisie by hulle blitsige eenmannekragwa. (*Fotokuns*).

Die valskermspringers het die Pukke 'n paar benoude oomblikke laat belewe, voordat hulle uiteindelik op die grasperk *tussen* en nie *op* die skare geland het nie.

Die leërgimnasium van Pretoria se gimnastiekspan sal baie lank onthou word vir hulle uitmuntende spanwerk. Op stadiums kon mens nie weet hoe elkeen van hierdie rooi en swart geklede gimnaste homself weer sou vind nie.

Die trapkarresies kan as die hoogtepunt van die dag bestempel word. Die netjiese trapkarre was die trots van elke manskoshuis — en die manne self het ook baie professioneel voorgekom!!! Terwyl hierdie spanningsvolle tydren wat twee volle ure geduur het aan die gang was het Radio Hoëveld vir afleiding gesorg, en later die aand kon die Pukke die fynere kunsies van stoei van nader bekyk.

Die stalletjies op Goggadag was almal baie oorspronklik — en die feit dat Klooster en Karlien met die eerste prys wegeloop het, sê dus baie . . . .

BY VOORKEUR
Gebak deur
Turkstra
Die keurigste gebak
in Potchefstroom
Ons lewer aan die
Universiteit

# AVAL KARNAVAL KARNAVAL




FOTO BO: Die honde van die S.A.P. groet die toeskouers na hul vertoning. (*Fotokuns*).



FOTO BO: Flip Swanepoel van Toekoms besig om vinnig na boomskraap te vorder met die agt hamburgers tydens die „Hamburger-eet"-kompetisie. Hy het ook die wedstryd gewen deur agt en 'n half hamburgers binne tien minute te eet.

## KARNAVALKONSERT

**ANDERS AS gedurende vorige jare, het die Pukmassa hierdie jaar deel gehad aan die afsluiting van Karnaval. Dat die konsert wat as afsluiting gedien het, 'n groot sukses was, is nie te betwyfel nie.**

In die voorprogram het Suzette van der Westhuizen opgetree. Baie van ons Pukke wat haar beter ken as "Miets", het seker nie geweet dat sy ook goed kan sing nie. Maar na verlede Saterdagaand glo ek nie dat daar hieroor nog enige twyfel bestaan nie. Ons hoop almal dat ons haar weer sal hoor voor die einde van die jaar. Die ander kunstenaars wat in die eerste helfte opgetree het, nl. Roy en Kobus en Hannelie het ook in die smaak van die Pukgehoor geval — soveel so dat Kobus en Hannelie selfs 'n toegif vir die gehoor moes sing.

Na pouse het die hoofprogram begin, en alhoewel een van die Jacks nie kon kom as gevolg van 'n ongeluk en die Jill met griep in die bed was, het hulle prograj mmet Dennis McLeon as komediant "baie goed afgegaan". Die feit dat Dennis die gehoor betrek het, het beslis bygedra tot die sukses van die aand. Sy "piep-pipe Polka" het die gehoor laat skaterlag.

Maar mens kan nie oor die Karnavalkonsert praat, sonder om aan die skreeusnaakse seremoniemeester, Gerrit Coetzee te dink nie. Hy kan beslis beskou word as 'n kunstenaar op sy eie. Baie van die Pukke sou seker nooit kon droom dat 'n W dosent so snaaks kon wees nie.

Op hierdie vrolike manier het 'n vrolike karnaval toe ook weer tot sy einde gekom — gelukkig is daar darem nog altyd 'n volgende keer.


## Studenteoorspronklikheid

Die vraag ontstaan of ons studente nog oorspronklik is. Die volgende nota het op 'n kennisgewingbord verskyn:

NUUSFLITS.

Indien iemand in die duister verkeer, kan hy meer lig op die onderwerp kry aangesien daar 'n verlore flits in kamer 10 te vinde is. Dankie.

EVER READY.



Ek sien dit ook ou maat maar wie dink jy gaan ons glo?

## DIE MANNE VAN VLEI SKAAK FANUS

7.05 . . . Flinkveria . . . Goeie more, Pukke! Dis met leedwese of is dit leedvermaak, dat ons aankondig dat die geagte Fanus Rautenbach, President van die Republiek Flinkveria, gisteraand geskaak is en deur niemand minder as Makouvlei nie!

Die losprys? Vokeerd! Nie geld nie, maar wel 20 punte van die Karnavalkomitee! En daarmee het die manne van Die Vlei gesorg vir genoeg opwinding!

Fanus het sy tydjie op die balkon heerlik geniet — met 'n koue Leeu in een hand en 'n bord Sentrale Eetsaal bredie in die ander hand!

Na 'n blitsberaad tussen 'n afvaardiging van die Karnaval komitee en die skakers op die balkon, is tot 'n tydelike ooreenkoms gekom en is Fanus op luide begeleide deur die Vleiers terug geneem kampus toe om Karnaval '73 taamlik prêmitief te open!



FOTO BO: Fanus saam met die skakers op die Vlei se balkon.



FOTO BO: Dames het ook aan die beurt gekom en met 'n stewige hamburger en koeldrank voor hulle moes daar gekyk word wie die lywige lekkerny die vinnigste kon verorber.



## Toer na Mosambiek-eilande Seychelle en Mauritius

**TWEE TOERE vind hierdie jaar na bovermelde plekke plaas, nl gedurende 28 Junie — 13 Julie 1973 en 2 - 15 Desember 1973. Alle kajuite is nie dieselfde nie en word in kategorieë verdeel. Elke kategorie het sy eie prys.**

| Kategorie | Prys |
|---|---|
| T.F. 5 | R170 elk. |
| TF 4 | R190 elk. |
| TF 3 | R180 elk. |
| TE 6 | R180 elk. |
| TE 5 | R195 elk. |
| TE 4 | R215 elk. |

Wat kategorieë TF 5 en TF 4 betref, geld die reëling dat indien persone bereid is om 'n aantal van *ses* persone (en nie die gewone vier nie) per kajuit te wees, die pryse onderskeidelik R130 (TF 5) en R155 (TF 4) sal wees. Die toerprys sluit alle etes, vermaak asook reisgeld vanaf en na Durban in.

Persone moet asseblief die gekose kategorie (bv. TF 3) baie duidelik aandui.

Aansoek vir bovermelde toere word nou deur hierdie kantoor ingewag. Die adres is A.S.B.-Hoofkantoor, Posbus 8711, Johannesburg.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 2 Junie 1973. Die toerprys is by aansoek betaalbaar en kan nie later ontvang word nie.


**„Ek wil hê jy moet weet, my lief, dat jy die eerste meisie is wat ek nog ooit gesoen het", sê die man, terwyl hy die ratte verander met sy voete.**

# Verhouding tussen PU en Vrije Universiteit ter sprake

**'N BESONDERE eer het prof. T. T. Cloete, hoof van die Departement Algemene Taal- en Literatuurwetenskap onlangs te beurt geval met sy besoek aan Nederland toe hy lidmaatskap aangebied is van die Maatschappij der Nederlandse Letterkunde. Persone met hierdie lidmaatskap is baie dun gesaai.**


Prof. en mev. Cloete was van Januarie tot Maart 1973 in Nederland waar prof. Cloete volgens 'n uitruilooreenkoms, 'n reeks lesings aan die Vrije Universiteit van Amsterdam gegee het.

Prof. Cloete 'is ook deur die Provinsiale Administrasie aangestel as lid van die Transvaalse Provinsiale Biblioteek.

Oor die besoek aan Nederland en in besonder die Vrije Universiteit van Amsterdam, meen prof. Cloete dat die verhouding tussen die VU en die PU vandag vanweë groot verskille in politiek-kerklike aangeleenthede nie meer is wat dit vroeër was nie. Sekere kringe aan die VU begeer dat die verhouding tussen die twee universiteite opnuut en nader ondersoek moet word.

Prof. Cloete het gesê: ,Met my gaan na die VU het van die studente en personeel aan die VU gevoel dat die tyd vir so 'n ondersoek nou dringend noodsaaklik geword het.

„Ek moes heelwat gesprekke voer oor politieke en kerklike sake in Suid-Afrika met name oor die rassesituasie hier en die Calviniste in Suid-Afrika (meer bepaald in Potchefstroom) se benadering daarvan. Die gesprekke was soms hewig maar hulle is altyd gevoer in 'n gees van hoflikheid deur die Nederlandse opponente. Ek moet dit noem dat selfs die felste kritici van Suid-Afrika en van die PU my altyd hoflik en gasvry behandel het.



Prof. T. T. Cloete.

„Van owerheidsweë is ek en my vrou uiters gasvry deur die VU behandel en wat die samewerking en menslikheid van nadere en verdere kollegas aan die VU betref ek kan dit nie anders noem nie as onverbeterlik.

Ons aan die PU kan 'n gas nie beter behandel as wat die VU my en my vrou behandel het nie. Akademies en persoonlik was my besoek aan die VU vir my 'n verrykende ervaring.

**GESPREK.**

Ten spyte van skerp verskille in standpunt en oortuiging ten opsigte van veel sake voel ek dat dit nodig is dat die PU en die VU in gesprek met mekaar bly en die kontakte wat bestaan bly benut. Die een moet die ander kan leer.

Deur die sg. demokratisering van die onderwys in Nederland, is die hoër onderwys daar aan sommige universiteite op 'n grondslag geplaas wat vir die Afrikaner (en sover ek kan oordeel selfs ook vir die Engelsman in Engeland) bedenklik lyk. Tog wat die VU betref, is ek beindruk deur die werk wat daar gedoen word.

Die studente aan die VU werk, sover ek met hulle kennis gemaak het, deeglik en hard en met 'n toewyding wat vir die gemiddelde Suid-Afrikaanse student (aan die Afrikaanse sowel as Engelse universiteite) as model kan dien. Hulle kan lang ure aaneen werk en hulle eis veel van hulle hoogleraars.

## Natuurstigting finansier fasiliteite

Die Raad van Trustees van die Suid-Afrikaanse Natuurstigting het 'n bedrag van R10 000 aan die Instituut vir Dierkundige Navorsing van die Potchefstroomse Universiteit toegeken vir verblyf- en navorsingsfasiliteite in die Tsitsikama Bos- en Seekus Nasionale Park. Die afgelope drie jaar al gaan senior studente en personeel van die departemente Dierkunde en Plantkunde van die Potchefstroomse Universiteit gereeld na die oord vir navorsing.

In samewerking met die Nasionale Parkeraad sal die fondse gebruik word vir die oprigting van verblyfplek en 'n laboratorium vir navorsingspanne Tans word ekologiese navorsing gedoen op die tussengetyse seelewe.

# DEUR MY LENS

In die verlede het my kritiese oog meerendeels die dinge rakende die manne op die kampus ondersoek, maar ek voel dat dit beslis tyd geword het dat die skonergeslag op die PUK 'n bietjie onder die vergrootglas geplaas moet word. Die resultaat van so 'n onverstandige handeling: basies nie te sleg nie, maar ai, die gewig!

Ek gaan die stoute skoene aantrek deur te sê dat minstens sewentig persent van al die dames op die PUK is ver (ja, ek bedoel ver) oorgewig. Onmiddelik sal julle nou vra wat die oorsaak daarvan is. Die antwoord is heel voor die-handliggend: Eerstens eet julle te veel en tweedens is julle ongelooflik passief. (dis die waarheid) Het een van julle dames al opgelet watter lang tou dames reeds om kwart-oor-twaalf die middag voor die eetsale se deure staan? Vergelyk daardie tou met die van die manne en julle sal beskaamd staan. Waar kom julle aan so 'n geweldige eetlus? Statistieke het tot getoon hoe power die dames se aktiewe deelname aan sport 'is en die bietjie stap na die klasse toe kan geen gesonde mens so 'n eetlus gee nie! Verder, kyk 'n bietjie tydens aandetes- die dames se bakke bevat net soveel kos as die van die mans. Dus, agt „dames" verorber dieselfde massa kos as agt manne! Dan kry ons ook nog die geval dat wanneer 'n man vra of hy die kos wat op die dames se tafels oorgebly (?) het kan neem, hy meegedeel word dat dit kamertoe geneem word!

Vanaand, nadat daardie kos ook verslind is, word daar gou-gou voor slaaptyd 'n koppie Milo gemaak, 'n paar van ma se heerlike beskuite geëet en as die sakgeld dit toelaat 'n lekker homp sjokelade. Alles ding wat lekker vetmaak! Maar wat gee ons om? Ons is mos maar net een maal student! Uit daardie oogpunt beskou kan dit nogal as 'n verskoning gebruik word, maar nou loop ons manne deur. Daar word daaglike aangedring op lekkers ens. en as die man dit durf waag om te weier, dan is dit laaste sien van Sannie.

Dames, ruk julle self reg asseblief! Neem deel aan sport, of ry lang ente fiets, of neem die inisiatief en stig 'n verslankingsklub op die PUK. Waarom moet alles van die manne se kant af kom? Julle sal aanhou met eet totdat 'n man besluit het dat daar iets konstruktiefs gedoen moet word aan die gewig van die dames en so 'n klub stig — dan sal, met julle passiwiteit, seker so twee of drie dames besluit dat hulle daarby kan baar!

Die heel belangrikste van alles is natuurlik dat julle nie moet voortgaan om te eet vir 'n plek nie Ken die perke van 'n ware dame wanneer dit by kos kom. Kyk meer na jouself in 'n spieël en besluit of jy tevrede is met wat jy sien. Skenk meer aandag aan jou voorkoms en bo alles moenie met die gesig van 'n nors buffel op die kampus rondloop nie. Dit is tog etiket dat 'n man eerste moet groet, of hoe? (Die stuursheid van die dames sal ek aan die volgende toeskryf: Hulle voel soos hulle lyk — en wie kan dan in hierdie geval vriendelik wees?

Nee dames, neem as voorbeeld die mans. Hoeveel van hulle is oorgewig? En, hoeveel van hulle loop met sulke siek uitdrukkings op die gesig op die kampus rond? Antwoord maar self want daar is bitter min van hulle. Julle dames word nie verniet die skoner geslag genoem nie. Doen 'n bietjie iets aan julle voorkoms en laat julle die sieraad van die PUK wees soos dit julle betaam. Laat die manne ook met trots van die dames van die PUK praat.

Driekwart van julle voel natuurlik nou gekrenk, maar die

**Vervolg op bladsy 11.**

# OUDSTUDENT STEL STUDIEBEURS IN

'n Studiebeurs met 'n aanvangskapitaal van R5 000 is deur 'n oudstudent van die Potchefstroomse Universiteit, mnr. A. Kruger, by die P.U. ingestel. Benewens die bedrag, dra mnr. Kruger jaarliks nog R600 by tot die Universiteit se Ontwikkelingsfonds. Mnr. en mev. Kruger was op 17 Mei 1973 op besoek aan die Universiteit en by die geleentheid het die Rektor, prof. H. J. J. Bingle, die Universiteit se dank aan mnr. Kruger oorgedra.

Deur periodieke skenkings sal mnr. Kruger die beursfonds verder uitbou. Deur die fonds die Abraham Kruger-gedenkfonds te noem, huldig hy sy vader, wyle mnr. Abraham Kruger.

Aanvanklik sal studielenings uit die fonds toegeken word vir voltydse studie aan die Potchefstroomse Universiteit. Op 'n later stadium sal dit as beurse aangewend word. By toekennings uit die fonds, word voorkeur verleen aan familiebetrekkinge van die skenker.

Mnr, Kruger is in 1922 op Burgersdorp gebore en het in 1940 gematrikuleer. In 1944 het hy die B.Sc.-graad aan die destydse P.U.K. verwerf en het in Postma-tehuis gewoon. Tans is mnr. Kruger 'n sakeman met heelwat belange. Hy is onder meer besturende direkteur van Spectro-navorsingslaboratoriums




**Foto bo: Prof. H. J. J. Bingle (links), rektor van die Potchefstroomse Universiteit, met mnr. en mev. A. Kruger.**

## Erelidmaatskap

Prof. J. H. Grobler, hoof van die departement Bodemkunde aan die Potchefstroomse Universiteit, het op 12 April 1973 erelidmaatskap ontvang van die Misstofvereniging van Suid-Afrika. Hierdie eer is hom aangedoen vanweë die wesenlike bydrae wat hy gemaak het op die gebied van optimale bodembenutting.

Die oogmerke van die Misstofvereniging is o.m. om die ekonomiese gebruik van misstowwe aan te moedig en te ontwikkel; om inligting te versamel en beskikbaar te stel met die oog op die voordelige aanwending van misstowwe, om navorsing te doen wat die Vereniging bevoordeel en om tegniese dienste oor grond-vrugbaarheid en gewasproduksie beskikbaar te stel.

Hoewel prof. Grobler van 1 April 1972 'n voltydse hoogleraar in Bodemkunde aan die P.U. is, is hy al van 1970 buitengewone professor aan die Universiteit.


**Potchefstroom se Afrikaanse Padkafee**

U KEN ONS

**BAILLIEPARK PADKAFEE**

**By die Johannesburg- en Paryspad aansluiting.**

DUS:

WAT DOEN U AS KOSHUISKOS VERVELIG RAAK?

KOM ONDERSTEUN 'N AFRIKAANSE SAAK

**Onder persoonlike bestuur van Oom Jan Aucamp.**



**U kan gerus u bande versool by . . .**



***GOLDEN WEST RETREADERS***

'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK!

**Groot Voorraad**

- **NUWE en VERSOOLDE bande Versoling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak**
- **Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING.**

**LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM**

**Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse!**

